# MARTHAN BESTER

**Datum: 2 Maart 2010**
**Plek: Pretoria**
**Vraagsteller (V): Lize-Marie van der Watt | Departement Geskiedenis | Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller (A): Prof. Marthan Bester|Departement van Soölogie en Entomologie | Universiteit van Pretoria | Soöloog | Gough: 1974, 1975, 1976 | Marion: 1976 -**

**V:** Nou die heel eerste ding wat ek net graag wil weet, is hoe het jy betrokke geraak by die sub-Antarktiese eilande? Waar het die alles begin?

**A:** Ek was op Stellenbosch gestudeer, en ek het my MSc-graad afgestudeer en dit het gegaan oor pelsrobbe by Kaap Kruis in Namibië. En toe't ek op 'n ... oorsee te gaan, en die idee was om vir 'n lang tydperk rond te reis. En op die ou end het ek besluit om vir drie maande te gaan en in Europa te toer. En terwyl ek in Europa was, het ek 'n teleks gekry, of 'n telegram in daai tyd, van Prof. Gideon Louw, wat my promotor van my MSc was op Stellenbosch, om te sê dat daar is hierdie werk beskikbaar om op Gough-eiland te gaan en navorsing op robbe te doen. En die telegram het by 'n vriend van my in Duitsland opgedaag, en hy't dadelik – want hy't my goed geken – gesê hy sal die werk vat; en dit was vir R6,600 'n jaar. En toe't ek my besoek aan Europa kortgesny en na sewe weke teruggekom, en huis toe gegaan – my ouers het in Bloemfontein gebly in daai stadium, en toe hier aangemeld, by die Universiteit van Pretoria. En die 9de Oktober 1974, en 'n maand later, of September, ja, en 'n maand later, in Oktober, het ek op die RSA geklim en ek is toe Gough-eiland toe vir die somer om pelsrobwerk daar te gaan doen.

**V:** Beskryf die RSA. Watse soort skip was dit?

**A:** Die RSA was heelwat kleiner as die SA Agulhas. Ek kan nie vir jou besonderhede gee nie, maar as jy gaan na die A.B. Eksteen Museum – jou kollega het ek netnou gesê waar om dit te kry; dis op die hoek van Bosman en Strubenstraat in Pretoria – en daar het 'n hulle 'n uitstalling van ... Dis die vervoermuseum, en daar het hulle 'n uitstalling van onder andere artifakte van Marion-eiland, pelsrobvelle, *tags* – al daai soort van goed, chem plaatjies, en dan het hulle ook modelle: twee modelle – een van die SA Agulhas en ene van die RSA – reg langs mekaar. En dan kan jy sien wat die enorme verskil is. Ek meen die RSA was baie klein; dis ongelooflik ongerieflik. Daar's geen storte wat aan die kajuite was nie. Daar's drie storte gewees vir die passasiers, *communal*, en ek dink twee toilette, en daar was 'n teekamer. En daar was geen video's, geen musiek, geen niks nie.

**V:** Was dit 'n droë skip?

**A:** Nee; hy was baie nat, dié skip gewees! En natuurlik daai dae, voor die tyd, kon jy drank en koeldrank en so, kon jy aanskaf – hulle het nie eintlik ‘n kantien op die skip gehad nie – en die’t jy aanboord gebring en in jou kajuit gestoor. En as die mense van die Publieke Werke-departement, as hulle nou musiek gemaak het – want dit is waar jy nou ... dit is waar die ontspanning was. Jy weet, daar was ouens wat kon sing, ouens wat kon kitaarspeel, en so aan; hulle is die mense wat die ontspanning verskaf het. Jy sit op ‘n paar kaste bier, en hulle speel musiek, ensovoorts.

**V:** So daar was ‘n redelike interaksie gewees tussen die ... ?

**A:** Baie goed; baie goed.

**V:** ... matrose en die ... ?

**A:** Ja kyk, gewoonlik op ‘n skip, die matrose en die passasiers meng glad nie. Jy weet, hulle het hulle eie plekke en so. Maar die mense wat saam afgereis het, soos die wetenskaplikes en die Publieke Werke-mense, en dan die spanlede van die nuwe span, ensovoort – almal was ingehok in dieselfde area. Daar was net die een, noem dit nou maar ‘n teekamer, en een kombuis, wat regtigwaar in die buik van die skip was. Die skip het ook nie eintlik anti-rol meganismes gehad nie, so dit is omtrent soos om in ‘n bad af te ry Marion toe of Antarktika toe. En sover as wat ek kan onthou, die skip kon nie eintlik veel vinniger as 8 knope per uur vaar nie – en die Agulhas kan gereeld 14 doen. So die vaarte was baie langer – ek meen vyf dae Marion toe,v ier en ‘n half dae, nou deesdae, met die Agulhas. Daai tyd was dit, ek skat, was dit omtrent ‘n week gewees, so ver soos ek onthou. Gough toe nog langer, omtrent tien dae, want jy moet by Tristan verbygaan – en die vaart nou vat in elk geval omtrent ‘n week met die Agulhas.

**V:** So die kameraderie op die skip was nogal ... ?

**A:** Baie goed gewees, want jy was in ‘n groot mate ook afhanklik gewees van die mense wat kon musiek maak. En dit kon enige iemand gewees het – dit kon ‘n nuwe spanlid gewees het; dit kon iemand van die oorname wees; een van die ouens wat in die ... wat konstruksie doen en so aan. En ja, jy weet, ek dink ons het baie beter gemeng as deesdae, want deesdae is daar so baie mense, en die verskillende groepe het hulle eie prioriteite. So ... En ek kan onthou. Ek meen, in die oornames as daar heelwat mense was... Daar’s ook nie beddens vir almal nie, so mense sal byvoorbeeld in die snoekerkamer slaap, en almal het beddens op die grond, of die een ou slaap in die besemkas, op koskassies wat daar gepak is, met ‘n opblaasmatras, en so aan. So jy weet, die mense is orals ingesit vir die ... En dan ook, almal moes help. Want daai tyd, kyk daar was nie ‘n ding soos ‘n helikopter nie, so alles moes per hand van die skip op ‘n rubbervlot gegaan het. Die rubbervlot moes deur ‘n boot getrek word tot teen die kranse. Daar is ‘n hyskraan wat alles opgetel het en bo-op die eiland gesit

het. En dan van die punt waar jy die toerusting ontvang het, insluitend dinge soos 44-gelling dromme van diesel vir die enjins; nuwe enjins self. As 'n nuwe mas opgegaan ... moet die maste ... word ook afgelaai. Ons moes alles opgedra het en opgestoot het teen die bult uit byvoorbeeld op Gough-eiland. So almal was betrokke; daar was nie 'n ding soos jy kan afgaan – soos dit nou deesdae gaan nie. Jy weet, jy help 'n bietjie en dan begin jy met jou programme; daar's so baie mense wat kan help. En alles word met die helikopter afgelewer en dit word neergesit daar by die plekke waar dit benodig is. So dit is nie daai geweldige fisiese arbeid wat jy gehad het nie. Maar daai dae ... almal moes help. So as jy 'n navorsingsprogram het... Jammer, jy moet eers al die goed aanboord kry en almal moet help om alles te dra. Alles word gestoot en gesleep, en alles van 'n punt af daar ... op die punt naby die basis.

**V:** Wat is daai punt genoem?

**A:** Kyk op Marion is die Gunner's Point, mos hoe hulle dit noem.

**V:** En Gough?

**A:** Gough ek dink het nie 'n spesifieke naam nie. Dis reg langs van die store, so dis ten minste vir die kos wat aan wal kom, is dit maklik om dit in die stoor te sit. Maar vir enige iets anderste is dit 'n helse bult wat jy die goeters moet uitsleep.

**V:** Ja, ek het daai *catwalks* gesien; hulle lê so skuins.

**A:** Ja, ek meen insluitend ... Hulle vervang 'n Lister-enjin of so iets, jy weet. Die ding is gekrat, en dan moet jy dit op 'n trollie sit en dan moet almal – en gewoonlik, jy't in die nag in gewerk; ek meen daar was nie 'n ding soos vyfuur, half-sesuur kan stop en nou's dit net die Publieke Werke-mense wat ... jy weet, hulle verdien oortyd en so aan, hulle gaan aan nie. Almal help tot sover as jy kan.

**V:** Was daar van die mense wat dan nou nie wou help nie?

**A:** Wel die ding is, partykeer was daar 'n bietjie van 'n probleem. En ek meen, soos in my geval, spesifiek op Gough-eiland – dis Oktobermaand ...

**V:** Ja ...

**A:** Die maksimum aankoms van die volwasse wyfies van olifantrob is die 15de Oktober. So die 15de Oktober moet ek op Long Beach wees om die sensus te doen. Maar terselfdertyd is daar aflaaiwerk nog was ...

**V:** Ek verstaan.

**A:** En ... So, as jy in die Weerburo gewerk het en jy sê 'ek moet nou 'n opstyging gaan doen', dan sê hulle 'oukei, piekfyn, daar gaan jy', en jy's weg vir 'n uur en 'n half. As jy ... As jy iemand soos ek was, dan sê jy 'ek moet Long Beach toe gaan, want ek moet die olifantrobbe sensus', dans sê hulle nee. Met ander woorde die ... Dis net

daar waar die bakleiery begin. Want ek meen ek wil ook my twee of drie dae hê om daai te doen; ek kan dit nie op 'n ander tyd doen nie. So ons het reggekom, maar dit was partykeer met 'n hewige gestoeiery. Maar dis juis omdat die logistiek was so ongelooflik moeilik gewees daai tyd. Geen helikopters nie; alles per hand en per slee.

**V:** Het die RSA verby Tristan dan gegaan? Het hulle by Tristan passasiers saamgevat?

**A:** By Tristan ... Dit was voor die tyd dat hulle hierdie kontrak gehad het met die Tristan-regering, dat die skip moet vir 48 uur daar lê by Tristan voor dit Gough toe gaan, en dan weer op pad terug, en ek dink omtrent die helfte van die passasiers op die SA Agulhas, wat daai rigting toe gaan, is Tristaniërs. Maar daai tyd was daar nie plek nie, met ander woorde daar was een of twee mense van ... wat Tristan toe wou gaan het, of op pad terug is, sou hulle opgelaai het. Maar hulle moes ... Hulle was afhanklik van vissersbote en ander skepe, ensovoorts. Daar was net eenvoudig nie plek nie.

**V:** Wanneer was u nou die eerste keer Marion toe?

**A:** Marion was ek in 1976, vir die winter gewees, en dit het gegaan basies oor die katprogram. Ek het van Gough af gekom – ek was twee somers op Gough ... gespandeer; toe was ek 'n winter op Marion. Ek dink daar was 'n maand tussen my terugkeer van Gough af die somer en dan Mario toe gaan. En in Marion het ek toe Desembermaand, het ek teruggekom, voordat die mense wat werlikwaar met die res van die katprogram te doen gehad het, aangekom het. So ek het daai tyd, het ek ingevul. Maar dan doen jy natuurlik robwerk ook in daai tyd.

**V:** En in dié tyd, het u u Doktorsgraad reeds gehad?

**A:** Nee. Ek het twee somers op Marion spandeer. Toe gaan ek ... Ten minste, op Gough spandeer. Toe gaan ek 'n maand later Marion toe, en daar't ek begin my werk wat ek op Gough gedoen het, begin opskrywe. En toe kom ek Desembermaand terug, in 1976, en toe't ek net aan my tesis gewerk voor ek terug gegaan het Gough toe vir 'n jaar. So ek het so ag, nege maande gehad om my tesis klaar te maak, en deels daarvan het ek op Marion gedoen, en toe's ek terug Gough toe vir die veertien maande. En ons het met die RSA Gough toe gegaan al daai jare, asook Marion toe. En toe ek in 1976 terug Gough toe is vir die jaar, toe's ons met die Agulhas ... met die RSA afgelaai, en ons is teruggebring met die SA Agulhas. So dit was nogal ...

**V:** En hoe was dit?

**A:** Ongelooflik opwindend. Want jy weet, jy't verwag daai klein skippie wat moet opdaag, en hier's nou die relatief baie groot skip wat daar aankom. En daai tyd nog steeds, was dit 'n rubber vlottie ensovoorts wat hulle gebruik het, en dit was nog voor, werklikwaar voor die helikoptertyd. Maar nie lank daarna nie, toe't hulle begin helikopters gebruik.

**V:** En het hulle julle ingelig vooraf dat hulle julle met die Agulhas kom haal?

**A:** Ja, ons het geweet, want ons het geweet van die nooiensvaart van die Agulhas, was Marion-eiland toe gewees. En dan die volgende, ja die volgende geleentheid sou nou dan wees, was Gough se aflos.

**V:** Op watter een van daai twee vaarte was die moord gewees?

**A:** Die moord was op die nooiensvaart Marion toe, ja. En ons het van die mense ... en die ou wat oorlede is, hy was die *bosun* ... So ons het hom geken van die vorige vaart af. En ook van die Marion-vaart. En ons het, op Gough het ons via Interflora, het ons toe ons blomme gestuur na die begrafnis toe; jy weet, al daai soort van goeters gedoen, ja.

**V:** Wat is daar vertel destyds oor die moord?

**A:** Ag man, dis soos vandag. Jy hoor soveel stories, jy weet. Ek dink selfs die mense wat daar was, het nie altyd geweet wat aangegaan het nie. Maar die basies was dat die twee persone het 'n probleem op die skip ontwikkel. Hulle was van die bemanning, en hulle was vriende gewees. En die een het die ander ene met die *fire axe*, soos hulle sê, doodgemaak. En toe't die een ou, wat die moord gepleeg het, het toe van die skip af verdwyn. Jy kon hom nooit kry nie; hulle het hom ook nooit gekry nie. So daar's baie stories. Het hy self gespring, of het iemand hom oorgehelp? Ensovoorts, jy weet, so ...

**V:** Die program waarmee jy op Gough begin het, wat het dit behels?

**A:** Dit was alles gewees oor die pelsrobbe daar. Daar's 'n bietjie olifantrobbe, maar die jaar voor ek gegaan het, het van die Soogdiernavorsingsinstituut het hulle twee persone afgestuur met die oorname – Dr. Neef Farrell [?] en Dr. Peter Shaughnessey. En Peter Shaunghnessey, hy was die erkende persoon wat robbe gewerk het. Hy's oorspronklik van Australië af, maar daai tyd het hy by wat vandag bekend ... by Departement Seevisserye, daai tyd, het hy gewerk. En hulle het afgegaan, en gesê dis heel moontlik dat mense kan op robbe daar werk, en toe's ek gekry om die werk te gaan doen. En dit was natuurlik 'n baie groot verrassing, want die vorige ondervinding wat ek met pelsrobbe gehad het, was op die Kaapse kuslyn. En hier kom jy by Gough, en dis 'n berg in die see. Jy weet, op Marion stap jy uit op 'n strand basies – jy was self daar gewees. Op Gough klim jy ten minste 30 m af met 'n ... wel, ek noem dit 'n krans. Dis 'n baie, baie steil helling, so in baie gevalle, waar jy gereeld afgaan, dan sit jy 'n stuk tou daar om aan af te kom. So die 30 m. En een van die strande wat ons gereeld na toe gegaan het, is Atmel's [?] strand, en dit is 200 m af – en ek het 54 keer teen daai bult uitgeklim oor die jare heen. En dan die hoogste vir ons was 450 m by Saddle Island, waar jy afgegaan het om robbe te gaan tel. So die heel eerste ding was, dit was onbekend hoe groot die pelsrob bevolking was –

hoeveel daar is; is die bevolking besig om te groei of nie? So dis die eerste aandag wat ons daaraan gegee het. En dan't ons ook 'n bietjie gedragstudies gedoen. En dit het oor twee somers gegaan, want natuurlik al die robbe is daar gedurende somer en in die winter is meeste van die robbe nie daar nie. En toe ek teruggegaan het, het ek – na my tyd wat ek met katte gewerk het op Marion – toe't ek vir 'n jaar gegaan, en toe't ek weer bevolkingsnavorsing gedoen, maar ook voortplantingsfisiologie en ... jy weet, alle ander aspekte van die bevolking. En toe kon ek dit nou lekker ordentlik doen, want ek het nou die ondervinding gehad; geweet waar wat gebeur, en wanneer. En toe kon ek teruggaan vir 'n jaar, en ... ons het monsters gedoen elke maand, ensovoorts. En ek het hulp gehad. Jy weet, toe ek die eerste keer Gough toe gegaan het, was ek stoksielsaligalleen. Ek het nie 'n veldassistent gehad nie, so al daai plekke moes ek alleen gegaan het, of iemand gevra het om saam met my te gaan. En natuurlik die tweede seisoen het ek 'n vriend gehad, 'n vriend van my. En die derde seisoen, toe kon ons nou lekker werk vir die hele jaar lank.

**V:** Het jy voorsien dat dit so 'n lang program gaan word? Was dit die idee?

**A:** Kyk, ons het altyd gehoop om ... Kyk, ek het ... Die eerste keer wat ek eiland toe gegaan het, ek het gegaan oor die eiland; die werk was 'n byding. Dit was my paspoort tot 'n eiland... Toe Prof. Louw vir my sê oor die moontlikhede wat ek my MSc op kan doen, toeka se tyd, het hy gepraat onder andere van akkedisse in Jonkershoek en dit en dat. Toe noem hy robbe. En toe hy sê robbe, toe sien ek daai eiland met die een palmboom op ...

**V:** Ja!

**A:** Jy ken daai ding? En toe ek my MSc doen, toe't ek natuurlik nooit by 'n eiland uitgekom nie, want ek het dit by Kaap Kruis ... my monsters gaan versamel. En natuurlik toe ek oorsee was en toe hierdie geleentheid kom, toe weet hy Marthan het die ondervinding, en hier is 'n geleentheid vir hom. En ek het gehoop dat ek altyd daarby betrokke sou wees, en op die ou end het dit nou toevallig so uitgewerk. So .. Ek het by die Universiteit van Pretoria ... so klompie jare terug het ek my ... nou nie die horlosie nie; ek het maar die geld gevat! Ek was 25 jaar by die Universiteit gewees, en ek het eers 'n permanente posisie in 1996 gekry. Ek het altyd kontrakwerk gedoen, van 1974 af, maar dit was ononderbroke, jy verstaan? En in 1982 het hulle die Antarktiese Navorsingsbeamptes ingebring. Daar was ag van ons in die land, en ek was toe die persoon wat na die mariene soogdiere gekyk het. En dit het jou meer standvastigheid gegee, maar ons het altyd op kontrak gewerk – drie jaar of vyf jaar, en ...

**V:** Wie't dan betaal?

**A:** Dit was alles ... Kyk, die geld het altyd gekom van ... Vroeë dae was dit die Departement van Vervoer ... En so het dit verander ... Toe later is die WNNR daarby betrokke gewees; en toe later, toe's dit wat ons vandag het, die NRF, die National Research Foundation. En op 'n kol het ... die wetenskaplike administrasie was ook deur wat hulle tóé noem die Departement van Omgewingsake was, en toe's die die Departement van Omgewingsake en Toerisme – en nou's dit terug na die Departement van Omgewingsake. Hulle het eintlik die logistiek altyd gedoen, maar hulle het partykeer ook die navorsingskoördinering gedoen. En op 'n stadium het die NRF die navorsingskoördinering gedoen, en nou deesdae natuurlik kom al die geld van die Departement van ... wel *Science* en *Technology*, van hulle af. Die NRF is nog steeds besig om dit te administreer. En die Departement van – nou – Omgewingsake, hulle verskaf die logistiek, en hulle vra die geld vir die ... Kyk, as my projek goedgekeur is en ek het sê nou vier personeel, soos ek nou het ... Hulle vra dan daai geld vir die personeel, vra Omgewingsake by die NRF, met ander woorde die DC, en hulle betaal die salarisse deur Omgewingsake ... So ons sien nooit daai geld nie, maar ek sien die geld vir die kapitaaltoerusting en vir die *running expenses*, vir die daaglikse, dag-tot-dag uitgawes.

**V:** Maar toe u die eerste keer Gough toe is, toe was dit die Departement van Vervoer?

**A:** Dit was die Departement van Vervoer en die Direkteur hierso van die Soogdiernavorsingsinstituut. Hy was Prof. Skinner, en hy het natuurlik sy eie navorsingsgeld gehad wat hy by die ... óf, ek neem aan, by die Departement van Vervoer gekry het, of wie ook al die ... Want kyk, die WNNR was ook betrokke. Die WNNR was ook betrokke, want iemand moes na die gekyk het na die kwaliteit van die navorsing en die navorsingsprojekte en so aan.

**V:** Ja.

**A:** En dit was toe Prof. Skinner se toekenning, en hy het toe nou vir my aangestel om die werk te doen, en dan natuurlik het ek die geld gekry vir die navorsingstoerusting, ensovoorts.

**V:** Maar toe u nou op Gough aankom en daar is nie 'n eiland met 'n palmboompie op nie, wat het jy verwag? Ek bedoel dis nou ... Ek weet dit het jy nou nie verwag nie, maar ...

**A:** Nee, dis 'n goeie vraag. Maar die ding is, toe ek in Duitsland was, toe ek nou die ... uiteindelik die telegram gekry het, weet, en John Meuller [?] het laat weet Marthan sal gaan, en toe nou daar later opdaag, toe sê hy 'kyk hier, Marthan, hier's die telegram; ek het vir hulle reeds gesê jy gaan die werk vat'. En toe gaan ek na 'n boekwinkel, in Mainz, in Duitsland, toe om te gaan kyk waar Gough is. En ek kon onthou, in my agterkop het ek onthou daar was een of ander probleem met 'n

eiland, wat hulle iemand moes gaan haal het. En natuurlik toe gaan kyk op ‘n ... kry ‘n landkaartboek en ... ‘n atlas, dis reg, en ek kyk daarin, en ek sien daar is Gough. Maar Gough lê nie daar langs Suid-Afrika nie dit lê êrens in die middel en dis nog beter gewees vir my. En natuurlik in die opleidingskursus wat jy gehad het voor jy gaan – weet, daar’t jy nou foto’s gesien; foto’s natuurlik van Gough en hoe dit lyk, jy weet. En die persone wat die voorraadwerk gedoen het, hulle het gesê ‘onthou, jy moet ‘n 200 m-tou saamvat om by Admiral’s af te gaan, en jy moet bietjie dit en bietjie dat, en sulke goedjies saamvat. En dit is toe nou gedoen, jy weet. Maar die verrassing was groot. Want fisies is Gough ongelooflik uitputtend, as gevolg van die dik plantegroei. As jy op ‘n strand wil kom, moet jy ten minste 30 m afklim. Nee, dit was rêrig ... En dan’s jy alleen, jy weet. En die ander mense wat saam met my was ... Dit was ‘n lieflike span gewees, baie klein. Ons was ag gewees. Ek was die agste persoon. Gewoonlik is die spanne sewe daai jare, daai tyd gewees.

**V:** So dit was nou meteoroloë en ...

**A:** Daar was die meteoroloë; daar was ‘n radiotegnikus, ‘n radio-operateur en ‘n *medic.* En dit was hulle; dit was sewe gewees. Ek was nommer ag gewees. Nou natuurlik is ek fiks, want ek is gereeld buite, maar van die ander mense, wat binnenshuis werk, jy het nie daai vlak van ... So as jy hulle vra om vir jou te help, is dit ‘n groot opoffering van hulle kant af, veral as jy moet ver gaan. Maar jy weet, ons het altyd ... Theo Potgieter en André Theunissen het baie gehelp. En so het dit nou maar gegaan. En daar was nie ‘n ding soos ‘n *PC*, ‘n *computer* ... Jy weet, alles is in boeke gewees; ek het nou nog daai boek ... dis ‘n ... ek wil amper sê ‘n klaswerkboek – dis ‘n A4 wat jy alles opgeskryf het. So alles moes jy neerskryf. Jy’t ‘n sakboekie en jy’t van daai vorms, wat jy nou gaan invul, jy weet. Jy kan nie ‘n ding ses keer uitdruk nie, en daar is ook nie ‘n fotokopieermasjien nie, so jy moes met deurslagpapier, moet jy nou op een plek trek jy nou al die kolomme wat jy sou invul van die gedragstudie wat jy gaan doen, en dan het jy deurslagpapier om dan ses kopieë te maak vir die volgende ses dae en so aan. En dis die ander ding: daai tyd het alles so ‘n lang tyd gevat. As ons ongelooflik produktief was, het jy miskien twee wetenskaplike publikasies in ‘n jaar uitgekry. Onthou, dis dae van tikmasjiene en goeters, so as ‘n fout gemaak is of ‘n hele stuk moet verander word, dan moet jy alles oordoen. Of, ons het paragrawe uitgeknip, die wat reg was, en dan die ander laat oortik, deur iemand anders natuurlik, en dan het jy dit ingeplak op ‘n bladsy, anders moet jy alles weer oordoen. So alles het tyd gevat.

Nou, jy kan ... lag-lag kan mense tien publikasies ‘n jaar uitbring, lag-lag. Maar daai tyd ... jy gooi iets in die pos; dit vat tien dae om by die redakteur van sê maar die joernaal in Europa uit te kom, in Duitsland. Tien dae daar; hy sit daar tien dae. Hy moet dit uitstuur na *referees*, en dit vat ... Jy weet, dis ongelooflik! Nou, deesdae, ek

meen jy maak 'n fout, en dan ... jy haal net daai stukkie uit en jy *delete* dit en jy *cut* en jy *paste*, jy weet, al daai mooi Afrikaanse woorde  wat ons gebruik. Dis ongelooflik! So mense wat hulle deesdae wil vergelyk met mense van daai tyd – daar is geen vergelyking nie. Want my een publikasie daai tyd is werk tien nou. Jy verstaan? As gevolg van alles wat so tydrowend was. Ek meen helfte van die mense wat jy deesdae sou kry wat op Marion-eiland aankom, omdat daar 'n helikopter is, dit en dat daar is, en omdat daar hutte is, sou nooit ... hulle sou nooit gegaan het nie; hulle sou nooit hulle werk kon gedoen het nie, onder daai omstandighede nie. Dis hoekom daar altyd so min mense was in die verlede. Ek meen, sou jy ... Dink jouself in ... Jy was op Marion gewees?

**V:** Ja.

**A:** Die eerste wat jy doen, vat die helikopter weg. Dan vat jy al die hutte weg, en dan vat jy al die paadjies weg. En dit is dan nou waar jy begin, waar ons begin het.

**V:** Met die katjagtery? En met die robbe.

**A:** Ja, met die robbe ook. Want die eerste hutte wat op Marion neergesit was, was saam met Pat Condy, wat ons program daar begin het. En hy was vir 17 maande was hy daar gewees. Ek dink hy het iets soos Augustus, Spetember van 'n jaar daar aangekom, en hy't toe die somer gebly en toe vir die res van die jaar. En ek dink ons eerste drie persone wat ... hy, en Rudi van Aarde en Hennie Erasmus – hulle het almal basies vir 'n jaar en 'n half gegaan. ... Jy sien, Pat-hulle het gesê om hulle werk ordentlik te kan doen, moet hulle 'n hut hê. En uiteindelik het hulle hutte gaan plaas om die eiland, min of meer daar waar hulle vandag is, veronderstel om te wees ... Maar die – ek kan nie presies onthou met watter skip hulle afgegaan het nie, maar sê maar dis die RSA gewees – hy het 'n helikopterplatvorm gehad, maar nou nie 'n besondere grote nie. Maar dit kan óf dit gewees het, of dit kon ... Daar was 'n hidrologiese skip daai tyd ook gewees, en ek sal nou net sy naam onthou. Maar *anways*, een van daai skepe het afgegaan. Hulle het die ... Dit is asbestos-hutte gewees, wat jy moet aanmekaar slaan,  het hulle op verskeie plekke wat Pat-hulle gekies het, op die eiland gaan neersit.

**V:** Is dit van daai ronde asbestos-hutte gewees?

**A:** Ja, dit is ... Hy't so piek, en dan.. Hy't so koepel daar; hy't vereskeie panele – dis dubbel panele, en dan moet jy isoleringsmateriaal daarin sit, en hy sou twee vensters gehad het, en hy't 'n deur gehad. Maar dié goed moet daar bymekaar, op die plek wees. En hulle't alles gaan afgooi, maar nou kan die helikopter nie inkom nie; die wind waai te ... Dan vat hulle nie ... sit dit nie op die plek waar hulle veronderstel is nie; dan sit hulle dit op die naaste plek – en dit kan baie ver daarvan wees. Byvoorbeeld – jy sal nog onthou – by Grey-headed Albatross se rigting, die hutte

moes daar gestaan het waar die hutte deesdae staan, maar hulle kon nie inkom nie, toe sit hulle dit op die Rook's Peninsula – dis teen daai lang kranse daar onder.

**V:** Ja, ek was al daar onder gewees toevallig.

**A:** Nou ja, toe sit hulle die hutte op. Van hulle was nie geïsoleer nie; hulle het dit gelos vir die mense wat in die hutte gaan bly het, die insulasie. En van hulle is gedoen en ander is nie gedoen nie. Maar ek dink binne die eerste ses maande het die meeste van daai hutte weggewaai, want hulle was op ongeskikte plekke geplaas. So al wat oorgebly het, was Kildalkey se hut, Long Ridge se hut, en Cape Davis se hut. Al die ander was weg. Oukei. So ... Die eerste keer wat ek byvoorbeeld om die eiland gestap het, was in die middel van 'n winter, Midwinter; dit het my drie dae gevat. Ek het geweet, ek en my maat wat saam met gestap het, ons het geweet waar Kildalkey is, en ons het geweet waar Cape Davis se hut is. So ons het ons goeters alles in Kildalkey gesit, die hut, die tentgoed. Toe't ons die dag begin. Niemand het vir ons gesê waar ons moet stap nie. Ons kon by Kildalkey kom. Daarna was ... het ons nie geweet waar ons is nie. Maar ons is ... teen die eskarpement het ons om die eiland gestap in drie dae. So ons het die tent opgeslaan in Kildalkey. Die eerste dag daar was ongelooflik; ek meen ons het tot by Rook's op ons eerste dag gevorder ...

**V:** Sjoe.

**A:** ... via Kildalkey se hut, sonder dat iemand vir ons die pad gewys het. Dit was fantasties gewees. Toe, die volgende dag, het ons net tot by Mixed Pickle, daar agter – stormweer. En die laaste dag ook stormweer. Ons het omtrent 9 uur die aand het ons by die basis aangekom. So jy weet, 'n helse avontuur. Ek meen, jy kry dit nie meer vandag nie, want alles is aangelê. Jy weet, jy stap op hierdie padjie langs, of stap saam met die ouens wat jou gaan wys. En natuurlik vir die werk is dit tienduisend keer beter, want jy sit nie daar buite en tas in die donker, en jy stap in die reën en jy weet nie eintlik waar jy is nie. En daar was ook nie GPS gewees, en al hierdie goeters nie. Jy staan; jy't 'n ou kaart by jou, en jy gebruik nie eers jou kompas nie, want daar's al hierdie magnetiese anomalië op die eiland, so ... Dit is so anderster. En dit is nou so goed vir die werk. Toe was dit so moeilik gewees vir die werk, want jy's die heeltyd besig om te sukkel om van punt A tot B te kom. Jy kon nooit klere droogmaak nie, want in die twee of drie hutte wat daar oorgebly het, is daar net van hierdie klein gas ... *camping gas* – dit wat jy saam sal dra as jy 'n rugsak het, so. So jy't droë klere in jou rugsak in 'n plastiese sak. So jy raak nou vandag nat; jy kom by die hut aan. Daar's geen manier om jou klere droog te maak nie. So jy hang hulle maar uit, so bes as jy kan; jy hoop dat die son gaan skyn môre. En jy moet kos maak met 'n gasstofie. Nou moet jy onthou, nadat daai eerste hutte – die wat weggewaai het – toe't hulle nooit weer die kos daarnatoe gevat nie, want hoe gaan jy kos nou vat, want hulle gebruik nie ... Daai helikopter was 'n spesiale geval. So

hulle het al met die rubbervlotte by Cape Davis en daai baai, het hulle al kos daar gebring, met koskassies, wat die ouens moet opgedra het na die hut toe, wat blêrrie ver daarvandaan is.

**V:** Ja.

**A:** Jy weet, so ons het blikkieskos geëet dat jy ... Voor die koelkamer, op Gough sowel as op Marion – maar veral Gough – daar was nooit koelkamers gewees nie. Daar was twee of drie van hierdie groot boks *freezers*, né? So jy eet miskien drie keer 'n week vars vleis; vir die res is daar net blikkies. Jy weet, jou oogballe het later geel gelyk van al die kerrie, van die *chicken bruyani*, van al hierdie goed. En jy't geëet gedehidreerde groente – aartappels, wortels, al daai goed. Daar was net nie die ... Jy het blikkieskos geëet, dag in en dag uit. En ek meen, daar was nie bevrore groente of sulke goed nie, want daar was net nie spasie daarvoor nie. So, jy weet, ek meen, dit is so anderste. Jy sou nou nie skeurbuik gekry het nie, maar ek meen, dis regtig waar baie ... eintlik maar baie eentonig gewees. Jy het nie besondere variasie gehad om ... Jy weet, die ouens probeer ook ... Hulle doen 'n kookkursus, jy weet. Maar wat kan jy met 'n blik *chicken bruyani* doen?! So ... Ten minste op Gough kon jy darem visvang; jy kon snoek vang; jy kon kreef ... daai tyd.

**V:** Kon julle?

**A:** Ja. Jinne, ons het baie daarvan geëet.

**V:** Het hulle al in die 1970's ... Hoe't hulle toe gevoel oor die aanhou van ander spesies, sê nou maar van skape, of ... ? Of het hulle dit toe al heeltemal opgegee? Wat was die ... ?

**A:** Nee kyk, op Gough was dit ... Jy weet, daar is plekke waar ... Daar het ons, want die see was daar gewees en die Tristaniërs wat kom vars water haal en visvang om die eiland. Jy weet, so daar was ... Sydissel het uitgekom, en aartappels het uitgekom, en so aan. Maar hulle was nie naastenby noukeurig oor enige iets nie. Ek meen, jy't vars vrugte en groente saamgevat en tot dit alles gevrot het, jy weet, weggegooi; jy verstaan?

**V:** Ja.

**A:** So daar was nie die ... Nie opgelet na hierdie goeters nie. En dis ongelooflik, want ek meen, beide Marion en Gough het albei muise gehad van ten minste die 1800's af as gevolg was die robslaners, die *sealers*. En ... Maar dat daar nie rotte en goeters aangekom het in die toerusting nie, in die pakkery nie, want niemand het daar opgelet nie, jy verstaan? Maar hulle het ook nou nie hierdie *containers*, hierdie houers gehad wat hulle deesdae gebruik nie, want dit het ook sy eie probleem. Want jy gebruik ... Vroeër, toe hulle ... Wel, meer onlangs, toe hulle natuurlik daai goed ... dan gebruik hulle Gough s'n op Marion ook, jy vestaan?

**V:** Ja.

**A:** So jy kan indringerspesies kan jy so versprei. En dit het waarskynlik gebeur. En hulle's nou so baie meer versigtig met al hulle goeters. En *thank goodness* daarvoor. Maar ek meen, hoekom daar nie nog rotte op Gough ook aangekom het nie, sal niemand weet nie. Want jy weet, daai tyd, jy't nie 'n sertifikaat nodig gehad om te sê die skip is rotvry nie. Mense wil nie rotte op 'n skip hê nie, maar jy weet hulle is altyd daar. So ten spyte van al daai geen voorsorg nie, het daar niks sulke ernstige dinge gebeur soos rotte op die eiland gekom, of katte nie. Katte het Marion ... Natuurlik hulle het doelbewus dit afgevat, oorspronklik.

**V:** Maar wanneer omtrent het hierdie verandering gekom in die bewustheid?

**A:** Jissie man, ek wil amper sê redelik onlangs, as jy dink aan die geskiedenis van die Antarktiese program. Ek meen, SANAE was nooit 'n probleem nie, want niks ...

**V:** ... groei daar nie.

**A:** ... kan daar aan die gang bly nie. Jy sien, nadat my ... My een vriend was ... Hulle ... Iemand het gedink hulle't 'n rot gesien op Gough-eiland, en toe't ons daarby betrokke gewees in 'n oorname, om te gaan kyk ... die rotopsporings word ... En toe't 'n paar van ons, jy weet, ander kundige persone insluitend myself, het toe begin en ons het 'n hele paar goeters gedoen. En onder andere valle uitgesit, en ons het hier gesteriliseerde rotwyfies saamgevat en hulle met hormone behandel en kyk of hulle nie miskien as daar 'n mannetjie in die omtrek is om hom aan te lok nie. So ons het al hierdie goeteres geprobeer en dan indirek tekens van rotte gesoek in die basis en om die basis. Daar was niks gewees. Ek dink dit was ... Dit het begin ... Daar was 'n skrik gewees. En hulle het daarna ook een slag 'n dooie rot in een van die koskassies gekry – jy weet, daai bokse [?] wat hulle daai tyd gebruik het om goeters te vervoer. En dan op Gough was 'n persoon wat met die Gough Island Scientific Survey daar was in 1955. Sy naam was Nigel Weiss, en hy was 'n plantkundige gewees. En hy's ook baie ... Hy was ook by hierdie rotopsporing daar en hy was baie besorg oor Gough-eiland. So ek dink dáár het baie van dié dinge begin. En op Marion ook. Eintlik, die bewustheid het waarskynlik eintlik begin toe hulle die eerste slag besluit het, luister hierso, ons vars vrugte en groente is nie aan nie ... van daai d*iamond-back moth,* wat so op die Kerguelenslaai, ensovoorts, op Marion voorkom. En nadat daai indringerspesie toevallig ingekom het, toe het hulle besluit geen tamaties, geen ... wel, geen vars vrugte of groente nie.

**V:** Wanneer was dit omtrent? In die 19 ... ?

**A:** Gits, jy sal vir Steven (Chown) moet vra, want ek dink ... Ek en Steven was saam op die eiland gewees voor die tyd; dit was ... ek sou sê met die begin van die katuitwissingsprogram, 1986, daaromtrent, het baie van hierdie ... het hierdie

verandering plaasgevind. Want ons gaan nou van die katte ontslae raak, en jy's bewus van al die ander dinge wat daar is wat nie daar behoort te wees nie. So ek sou sê dis omtrent in daai tyd wat daar werklikwaar die groot bewustheid was. Want toe ek die eerste keer in 1976 Marion toe gegaan het met die katprogram, waar ons katte gevang en aangehou het, jy weet, daar was vyf kathokke het ons gebou in 'n *greenhouse*, waar die mense óf eksperimente gedoen het, of tamaties of iets probeer groei het. So, so onlangs as 1986 was daar ... Ons het kos ingebring om die katte mee te voer, en dit en dat jy weet, so ... En al die boumateriaal wat ingekom het – niemand het ooit gekyk of daar spinnekoppe of *whatever* daarin is nie. Dit het net nie gebeur nie. Dit het maar later ... het hulle begin gaan ... Jy weet, na hierdie groot poging en hulle al hierdie geld uitgegee het – niemand weet hoeveel nie – om van die katte ontslae te raak, en die bewustheid van al die ander dinge was opgeskerp gewees.

**V:** En die katprogram het begin in 1976 of '86?

**A:** Ek sou sê dis 1974-75, daar rond, het dit begin. Pat (Condy) het afgegaan in 1973. Hy's toe opgevolg deur Rudi, en teen die tyd wat Rudi daar aangekom het, Rudi van Aarde en sy assistent (Johan Watson), toe't Pat-hulle al 'n artikel geskryf om te sê dat hierdie katte is 'n probleem op die eiland. So Pat is eintlik die eerste persoon met al daai vaardighede. Jy weet, hy't met witrenosters in Zimbabwe gewerk, en hy het gesien die potensiaal vir navorsers ook. En so in 1974, daar rond, het hulle nou bewus geword dat die katte is werklik 'n probleem, en toe's die wiele aan die rol gesit. Rudi van Aarde het afgegaan om 'n volledige ekologiese studie te doen oor die katte – hoeveel is daar; wat eet hulle; watse impak het hulle op die eiland en op die voëllewe, ensovoorts. En toe, as gevolg van dit, aan die einde van sy studie, het hulle... of teen die einde het hulle besluit maar ons moet nou iets doen.

En toe't hulle begin met die katgriep. Hennie Erasmus het toe gaan monitor wat die effek was van die katgriep, en toe, eintlik in 1986, toe't ons begin met die groot jag. Eintlik voor dit – '81, '82 – het ons eksperimentele jag gedoen, vier van ons, om te sien hoe effektief is jy om katte in 'n beperkte area te verwyder. En ons het onder andere drie heinings, wat Petrus van Rensburg-hulle opgesit het op die eiland, om te kyk wat die broeisukses van die voëls binne en buitekant die heining is. So jy moet van die katte ontslae raak binne die heining, en dan gaan jy en moniteer jy die voëls om te sien ... Jy kon sien daar is 'n groot verskil, daar waar nie katte is nie en daar waar katte is. En ons het ook gewys dat in 'n beperkte area, as jy intensief genoeg jag daar, dan kan jy basies van die katte ontslae raak. En toe, die idee was, as jy teen dieselfde pas, of intensiteit, reg rondom die eiland jag, dan gaan jy hulle klink. Dis nou natuurlik op die ou end bewys dat dit toe nie ... Dit is ... Want hier teen die einde, later aan, is dit baie moeilik om by 'n kat uit te kom, veral as jy eenkeer op

hom geskiet het. So jag was nog goed, maar dis baie tydsintensief. Jy't baie mense nodig. Dis 'n helse *PT*.

**V:** Sou die katte uitgesterf het as hulle nie gejag was nie?

**A:** Nee, hulle sal daar maar gebly het. Want jy't die ... Hulle eet die muise; hulle eet natuurlik die voëls, so daar sal altyd iets wees vir hulle. En die bevolking was aan die groei, nog steeds, totdat hulle die virus ingebring het, wat die bevolking geweldig gereduseer het. Maar daar was die wat natuurlik oorlewe – 'n klomp van hulle gewees – en toe begin ons met die sekondêre maniere om van hulle uit te wis, en dit was ... Ons het valle gebruik; ons het gejag, ensovoorts. En op die ou end het ons met groot intensiteit – ons het sestien jagters op 'n slag; sestien, sewentien, vir drie agtereenvolgende somers. Toe in die winter het ons met verminderde mannekrag aangegaan, en toe't ons die valle ingesit, en uiteindelik moes ons die gif in hulle sit, maar teen daai tyd ... vir my – ek het geen bewyse daarvoor nie, maar die jag en daai valle, dit het definitief die ding gedoen.

**V:** Wie is ge-*recruit*? Wie is gekry om die katjag te kom doen? Hoe het hulle daarmee te werk gegaan?

**A:** Kyk, ek was ... Petrus van Rensburg was, en Rudi van Aarde, 'n hele klomp mense. Uiteindelik, as jy vat al die mense wat fisies gaan jag het; mense wat raad gegee het, maar wat self eiland toe gegaan het ook – dit was 82 mense wat daarby betrokke was sedert die begin. Ek het gegaan en almal getel wie werk nou, maar fisies op die eiland was, om of 'n navorsingswerk te doen oor die katte, of met die katgriep te kyk of hulle weerstand het, ensovoorts; en al die navorsers en al hul assistente en al die jagters – dis 82 mense. Maar omdat ek die Antarktiese Navorsingsbeampte-pos hier gekry het, jy weet daai kontrakwerk, was ek betrokke by alles. En altyd betrokke gewees by die opleiding ook. So die groot spanne het in 1986 begin afgaan, en dié mense is gewerf van oral. Die eerste somer het ons selfs studente hier gewerf van die Universiteit van Pretoria – daar was vyf van hulle in daai span van 17; hulle was 16 en ek was nommer 17. So dis 8 spanne van 2 elk. En daai tyd natuurlik het die mense nog steeds na die Leër toe gegaan. Hulle moes vir 2 jaar gegaan het, so ons het vir dié studente het ons uitstel gekry sodat hulle onderbreek hulle studies, want die skip gaan in Aprilmaand af, en daai tyd was Augustusmaand, want daar's twee vaarte. So hulle gaan af. So hulle gee 'n deel van hulle jaar se studie op en hulle kom te laat terug vir die volgende jaar. So hulle het 'n hele tyd opgegee, en die Leër het gesê, oukei, dieselfde tyd sal wag voor ons hulle oproep aan die einde van hulle studies. En ek dink party van hulle was gelukkig, of ongelukkig – hulle is toe nooit uiteindelik opgeroep nie, omdat die konskripsie het toe nou uiteindelik weggeval. En hulle is van orals gekry. Jong, daar's rowwe mense wat ons gehad het ... Ook mense wat voorheen byvoorbeeld op die grens geveg het en in Angola was. So hulle het

afgegaan as katjagters. Of ‘n persoon uit Matriek wat avontuurlustig was ... Maar hulle het ‘n ongelooflike *job* gedoen. Want ons het geadverteer en ons het gesoek, en mense het vir hulle vriende vertel ‘luister, ek was vir die somer op Marion; dis ‘n ongelooflike ondervinding’. Van al die mense wat afgegaan het ... Daar was ten minste 2 mense wat drie agtereenvolgende somers gegaan het: Ivan Dalgliesh en Johnny Kieser. Hulle het afgegaan, en daar is van die ander mense wat ook twee seisoene gegaan het, soos Deon Muller. En Peter Bartlett het ook ... was daarby betrokke. So hulle was absoluut sterre gewees. En so ... Daar’s te veel name om te noem ... Daar is so baie mense wat betrokke was.

**V:** Nee, ek wil nie name hê nie; ek het lyste. Maar waarvoor het julle gesoek in ‘n goeie katjagter? Beskryf ‘n goeie katjagter.

**A:** Die ding is, dit was *odds on*. Jy’t nie geweet nie. Jy soek vir 16 mense. Nou daar doen miskien net 16 mense aansoek; jy’t nie ‘n keuse. So jy weet, as daar iemand nou duidelik is ... Ons het al gehad die ouens vou in die oorname, en dan stuur jy die ou terug, jy weet.

**V:** Ja.

**A:** Jy verstaan? Want hy’t eindelik gesien, wel ek het vir myself hier in iets ingelaat wat ek nie opgewasse teen is nie, of dis net nie wat ek gedink het dit is nie, so ... Jy weet, so ons het in daai proses ook partykeer een persoon of so verloor. En dan almal was natuurlik nie sterre nie; party ouens het maar lyf weggesteek, jy weet. En weereens, vandag weet jy wie dit was, maar ek meen dit is nou *besides the point*, maar daar was altyd genoeg ... ‘n sentrale tipe *core group*, wat die mas opgekom het en die ding gedraai het, die wiel. Natuurlik, toe al die katte nou ... ons dink hulle weg was ... toe’s daar nog omtrent 2 spanne wat gegaan het, maar hulle was baie minder, tussen 6 en 8 mense. Hulle moes toe gaan soek het vir katte wat nie daar is nie, so hulle het ‘n helse probleem gehad. Die laaste kat is in Junie/Julie 1991 ... Dis die laaste ene wat ons in ‘n val gekry het. En hulle het toe nog vir 2 jaar aangegaan om te soek vir katte; so in 1993 het die program eintlik tot ‘n einde gekom, want daar is nie katte nie. Vir die laaste 18 jaar is daar niks gesien nie, so daar’s niks nie.

**V:** So daar is nou definitief nie meer katte nie?

**A:** Definitief; geen twyfel. Geen twyfel daaromtrent nie.

**V:** So dit was net mense ... Lyk my die grootste voorvereiste was hulle moes kon skiet?

**A:** Ons het hulle opleiding gegee, jy weet. Duidelik, die ouens wat aansoek gedoen het, moes ten minste gerieflik wees met ‘n geweer. So ons het na die Pretoria Duifskiet Klub gegaan, onder andere, en ons het daar met hulle 12-boor-haelgewere het ons ‘n bietjie daar geoefen en hulle het die mense touwys gemaak. En dan het ons ook Dasseneiland toe gegaan met die helfte van die ouens, om ‘n bietjie ... Want daar

was ook wilde katte wat hulle wou van ontslae raak, so ons het so bietjie daar gaan jag met naglampe en 12-boor-haelgewere. En die ander helfte van die mense het gegaan vir 'n bietjie van 'n mediese kursus en by die hospitaal kyk hoe jy *drips* insit, vir ingeval iemand beseer is. En dis 'n absolute wonderwerk dat ons nie iemand verloor het in daai tyd nie. Dis maar net toevallig, hoor ... !

**V:** Wat is die grootste gevaar vir 'n katjagter gewees?

**A:** Die grootste gevaar was om jou been te breek as jy in die nag jag, want kyk, 90%, 99% van die tyd het hulle naggejag, want dit is die tyd wanneer jy die katte maklik sal kan optel in die soeklig; dan sien jy daai mooi groen oë en dan kan agter hulle aangaan. Maar dan kan jy nie ordentlik sien waar jy loop nie, en jy weet self, as jy op begroeide, of onbegroeide swart lawa is, ek meen die kans dat jy jou been gaan breek is 100%. En dit het nie gebeur nie. Die ouens hardloop, fisies, as jy die kat sien, dan begin jy hardloop agter hom aan.

**V:** Sjoe.

**A:** So daar's seker plekke, soos by ... naby Azorella, ensovoorts – jy kan dink in daai area, bokant Cape Davis; ek meen jy kan nie eers ordentlik daar stap in die dag nie, wat nog van die nag ook. En dit was 'n baie populêre area, omdat daar baie katte daar was, as gevolg van die grawers, die stormvoëls, die plantbegroeide areas, ensovoorts ... Daar's grond wat hulle kan grawe en tussen die *scoriae* ... So, jy weet, dit is ... In die begin, toe ons begin het, ek het selfs gewig verloor ... ! Ek het selfs gewig verloor, want ek was so bekommerd oor hulle almal gewees, jy weet. En dis so ... Ons het byvoorbeeld vroeg in die aand, dan't ons 'n radio *sked* gehad, dan in die middel, 12 uur, in die middel van die nag, dan het ons weer 'n radio *sked* met al die hutte gehad, vir ingeval mense terug is in die hutte, om te hoor hoeveel katte het hulle geskiet en hoe het dit gegaan. Die radiostasie se naam was "Radio Furburger", en ... Jy weet, so is al daai goed ... Dis gedoen, jy weet. En dan ... Hulle is vir 10 dae uit en dan's hulle 4 dae by die huis, en dan breek hulle omtrent die basis af ...

**V:** Ja, wat het hulle gedoen as hulle by die basis is?

**A:** Hulle het gedrink; gedrink en *movies* gekyk, en video's gekyk en so aan. En ons het partykeer, want ek was basies basisgebonde, en as iemand seergekry het, sou ek in sy plek uitgegaan het, of ek het van die mense by die basis probeer motiveer om saam met my te jag, want 17 verdeel deur 2 gee vir jou ... Dis 'n onewe getal. En of dan het ons ouens gekry en dan weet ons hulle het byvoorbeeld die 200ste kat ... is geskiet; dan sal ons nou by die basis gelyk nou begin 'n lamblad, skaapblad bak. Dan kry ek iemand om vir my te help, want daar's ander ouens. En dan bak en brou ons nou, en as die ouens nou inkom, dan't ons nou 'n helse *party*, en dis nou 'n buffet-maaltyd, jy weet, en al daai soort van goeters. Ag so, mens het nou maar hulle ding

gedoen om die ouens te motiveer, of van die ouens wat ... van die *reg* – die gewone span – hulle het ook betrokke begin raak, en ons het hulle gekry dat hulle saam met ons stap om te lig, en as hulle sê nou vir 3 *trips* uit was, kan hulle nou die geweer vir die eerste keer gebruik, en ons het hulle gewys hoe om dit te doen. So heelwat van die mense het betrokke geraak op daai manier. En dit het altyd gehelp, want as iemand se been is seer, of hy't geval, of *whatever*, dan kan hierdie ou sy plek vat, ten minste die basis haal, hy weet, en dan kan ons gaan jag en ons kan die ding aan die gang hou.

So ... Baie opwindend gewees; ek meen, dit is ... Die feit van die saak is die katprogram het 'n suksesvolle einde gehad. Baie van die goed wat ons nou doen, jy weet, daar's nog iets wat jy moet uitvind ... Maar oukei, jy't nou ... Jy weet wat die, hoe die bevolkingsopname olifantrobbe in die hef steek, maar intussen, terwyl jy aan die goed ... het die getalle of verminder of vermeerder; daar't ander dinge in 'n rol gespeel. Maar die katprogram is ... dis die einde. Ons het al die rekords. Alles is nog hierso, selfs die boeke wat hulle ingevul het in die hut – waar hulle gestap het; al die statistiek wat ons versamel het. Alles is nog net so hierso; dis alles hier, in hierdie gebou. 'Gaan dit nooit weggooi nie, want dit was so 'n ongelooflike *effort* en as iemand daarna wil kom navorsing doen oor watse vloekwoorde die ouens in die boek geskryf het omdat hulle nie vir die kat gekry het nie, of wat die katte se name ... wat hulle gegee het ...

**V:** Was daar katte wat soms besonder ontwykend was?

**A:** Ja, Harry Belafonte, by Ripetto's byvoorbeeld, jy weet?

**V:** Ja!

**A:** En dis 'n swart kat.

**V:** Ja!

**A:** Nou ja, dit ... As jy nou ... Dit (het) al gebeur hier – jy sien 'n swart kat by Van den Bogaarddrivier. Jy gaan sit 'n val daar, en dan vang jy 'n *tabby.*

**V:** Ja.

**A:** Jy verstaan? Maar hulle dink dis dieselfde kat, jy weet, tensy jy nader kom. So een swart kat lyk soos die volgende swart kat. En dan natuurlik, jy weet, dis 'n *tabby*, 'n *gosh [?] tabby*, en so, jy weet, dan kan jy hulle begin uitken as jy hulle mooi in die soeklig in die nag ... In die dag as jy hulle sien, dan's dit nou baie beter. In die dag sien hulle baie minder, maar jou kans om hulle te kry, is baie goed, veral as die son nog skyn, noord-wes windjie ... Jy kan stadig stap, en die kat sit buitekant die gat, byvoorbeeld. En dan kan jy hom bekruip en jy kan hom skiet, want dit ... alles is nou

in jou guns. Dis dag; jy kan mooi sien, jy weet, so ... So, nee dis ‘n helse *effort* gewees, jy weet.

**V:** Was daar dan kompetisie soms tussen die katjagters?

**A:** Daar was ... Ons het ‘n amptelike kompetisie gehad, en dit was ook nog die tyd toe hulle nie so streng beheer gehad het oor na Prins Edward-eiland toe gaan nie, jy weet. Deesdae gaan hulle nog steeds met ‘n verskeidenheid van valse redes, onder andere gaan hulle altyd na Prins Edward-eiland toe.

**V:** Ja.

**A:** Want veral in Aprilmaand ... Aprilmaand, wanneer die skip daar is, is nie die maand ... Kyk, soos ons sal nooit Aprilmaand na Prins Edward-eiland toe gaan nie, want die robbe is nie daar nie. Ek meen, wat gaan soek ons daar? November is ‘n ander storie; Oktober – maar daar’s gewoonlik nie ‘n skip nie, jy weet. So daar’s tye wat jy goed kan baie effektief doen; ander tye wat jy dit nie kan doen nie. Maar daai tyd was daar nog nie hierdie ... daai beperking nie. So die wenner, die ou wat die meeste punte gekry het – nie noodwendig die meeste katte geskiet het nie, maar ... Byvoorbeeld, een kat vir twee ouens – hulle skiet dit in ‘n area waar baie min katte geskiet word, so *pro rata* tel dit vir hulle meer as om ‘n kat te skiet in ‘n area waar daar baie katte geskiet word. So ons het so ‘n puntesisteem gehad, en ons ... teen daai tyd het ons nou al van ... hierdie klein *PC* gehad – en ek het myne nou-net weggepak – ene met twee *floppy drives*, né?

**V:** Ja ... !

**A:** En ons het nou so ‘n programmetjie, het iemand geskryf, en ons het nou uitgewerk wie’t gewen. Die wenner se prys was om in die oorname na Prins Edward-eiland toe te gaan om robwerk te gaan doen. En hulle het saamgegaan altyd met Peter Bartlett, wat nou baie ... een van my ou staatmakers was en wat die werk geken het en wat die plek ook geken het. So, dan die wenner het dan nou saam met Peter Bartlett gegaan om herwaarneming van gemerkte robbe te doen. En dit was die prys. En hulle het gewerk daarvoor, jy weet, en so. Op die ou end, as die ou wat die meeste – of dit lyk of hy die meeste katte het, en die ou wat die tweede is, hulle wil nie saam jag nie, want die een wil die ander een verbysteek of verder wegkom, jy weet, so hy kry vir hom ‘n ander *partner*. En ons het altyd aan die einde, die laaste jagsessie, gesê ‘oukei, boys; kies julle *partners’*. Jy verstaan? En dan skielik het almal mekaar uitgesorteer, want jy wil saam met ‘n ou jag wat agter jou is, maar hy moet goed wees.

**V:** Ja.

**A:** Want hy gaan help dat jy wen en so aan. En op die ou end, toe dit vreeslik moeilik geraak het om ‘n kat in die hande te kry, toe’t ons hulle ... Ons het dit opgesê. Jy

weet, toe daar nou sê maar ses of ag mense is op die eiland, dan het ons ander motivering gebruik, jy weet – 'Julle ouens kan die ... Julle gaan die deurslag maak ... As julle een kat nou gevang het, is dit beter as al die honderde katte wat ons nou voorheen ... ' – jy weet, en so aan. So ons het ons bes probeer om 'n gesonde kompetisie daar te stel op die stadium wat ons gedink het dat dit belangrik is. En die ding is, *whatever* ons gedoen het, die punt is, ons het gewen aan die einde, jy weet. Dit is dit. En, as gevolg van óns sukses, het hulle begin, byvoorbeeld Macquarie-eiland het hulle nou ook van die katte ontslae geraak. Macquarie is die helfte so hoog en die helfte so klein soos Marion, so dis makliker, in daai opsig. So ek dink ons het 'n baie groot effek gehad – nie dat ons baie erkenning – amptelike erkenning, bínne-in die Departement van Omgewingsake en Toerisme; Departement van Omgewingsake Ensovoorts ...

**V:** ... !

**A:** ... gekry het nie. Ek kan onthou, by 'n vergadering was daar besluit dat daar so brief geskrywe word, en dit sou aan my gerig gewees het, omdat ek die koördineerder van die hele ding was, van die werk van die uitwissingsprogram, om dankie te sê – ek wat nou nog vir daai brief. Ek het vir jou kollega netnou gewys 'n paar van die lêers, dat mense van oorsee vir ons geskryf het en gesê het 'veels geluk'. Want hulle het toe gesien dat hulle het 'n kans om op húlle eilande, om ook dieselfde te doen, jy weet. En die sub-Antarktiese *base* [?] is groot, ensovoorts. En jy weet, dis eintlik jammer. Die mense het vir mekaar ook medaljes begin uitdeel en so aan. Maar die katprogram het nooit daai erkenning gekry nie. En jy weet, dis moeilik om jou eie beuel te blaas, en ek het 'n artikel geskryf in die South African ... Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Wildlewe, oor die opsomming van die hele program, jy weet – wie, wat, waar, wanneer. En ek sê nie dit was ék gewees nie – dis hoekom ek sê, daar's 82 mense wat hulle bes probeer het. Ek was toevallig net daar aan die einde gewees, want ek was die koördineerder, as gevolg van my posisie. En ... Maar nooit ... Ons kon baie meer *mileage* uit hierdie hele ding uitgekry het, maar ons het nie.

**V:** Was dit in die media gewees hierso ... 'n bietjie?

**A:** Kyk, eintlik, in die begin, was die mense baie media-sku, want natuurlik, as jy begin praat van valle; as jy begin praat van gif; as jy begin van jag, en alles, dan dadelik is daar een groep mense wat absoluut daarteen is, en die ander is daar(voor). So as jy vir die dame by die Johannesburg Bird Club bel, sal sy sê '*boys*, julle doen baie goeie werk'; enige iemand anders is ... Dis 'n helse probleem.

**V:** Soos met konyne op Robbeneiland?

**A:** Dis reg. En die idee was nie om dit geheim te hou nie; die idee was om oop kaarte te speel. Ons het toestemming gekry, of die ondersteuning van die Etiese Komitee by

Onderstepoort – daai tyd was dit daar gesetel; dis nou hier op die hoofkampus – en ... So daar was nie ‘n geheimhouding gewees oor die hele ding nie, maar jy’t altyd hierdie mense wat glo dit is verkeerd en so. So ... Maar ek meen, as jy van die katte ontslae gaan raak, is die katte weg. En my beskouing daarvan is, dis oorlog, jy weet. As jy ... Dis die enigste manier wat ons van hulle gaan ontslae raak, en *that’s it*. En ons pluk die vrugte vandag, as gevolg van die verbeterende broeisukses van die voëls, en dit en dat ... Daar’t skielik ‘n paar spesies wat al begin terugkom – nie dat hulle eintlik baie noukeurig daarop let nie – en die dinge het merkwaardig verander. Maar ons is meer geken in die buiteland vir hierdie suksesstorie as binne-in die land.

**V:** Nou wat was die lekkerste deel van katjag dan?

**A:** Dit moet wees, vir my was om die kat te skiet.

**V:** Is dit?

**A:** Ek is nie ‘n ... Ek sal nie katte nadelig beïnvloed nie, jy weet. Hulle spring baie keer op my skoot, as ek by mense is. Dan sê almal ‘ja, as daai kat net weet wat ons weet’.

**V:** ... !

**A:** Die ding is net: katte is nie veronderstel om daar te wees nie. Jy kan sien die skade wat hulle aanrig, ensovoorts. En as jy ... Ek meen ons het partykeer – daar was party ouens wat langer, maar ek het een aand byvoorbeeld nege uur gejag, ek en MC. Nege uur, jy weet! En al wat ons kon kry op die ou end is ‘n ... Die ma het die kleintjie gelaat val of gelos op ‘n plek, toe sy vir ons gewaar. En ons het dan die kleintjie gekry. So dis die enigste een wat ons in die aand gekry het, het ons huis toe gevat. So jy stap vir nege uur rond; so as jy oor die bult kom, en daar in die soeklig is daar ‘n kat wat vier en ‘n half kilogram weeg, en die kat kyk nie eers na jou nie, en jy skiet hom ... Ek meen, jy’s vir ure lank agter die ding aangeloop of gesoek vir hulle. So ... Maar vir my was die feit dat om daai mense te ... binne die oorhoofse span, of 16 mense te reguleer; om jou hand op die jag te hou; om die beste uit hulle uit te kry; om die ding te administreer; konflikresolusie te doen – al daai goeters (was) ongelooflik.

**V:** Het van dié mense later betrokke gebly by Marion-eiland?

**A:** Ja, van die eerste katjagters het later ... Soos Sampie Ferreira – hy’t teruggegaan as ‘n assisseerder, wat by die robbe gewerk het. Daar’s baie ander mense wat vir oornames gegaan het, omdat hulle meer senior was en hulle het hulle eie projekte gehad, byvoorbeeld soos Rudi van Aarde. Dan’s daar Johnny Kieser-hulle almal. Ek meen, Johnny Kieser is nou ... Hy’s in die Kaap. Hy’s ook betrokke by Robbeneiland; jy weet, ook met katte te doen. So, ja, daar’s ‘n hele klomp van hulle. En baie van hulle is ons nog mee in kontak, veral daai eerste span, wat ... ek nou saam met hulle almal gegaan het.

**V:** Jy't nou-net die term "sealers" gebruik. Kan jy onthou wanneer daai term bekend geraak het?

**A:** Ek dink *sealers* het begin toe ... met Nico de Bruyn, wat jy 'n onderhoud mee gehad het. Want ons het altyd ... Ons het nie eintlik gepraat van *sealers* nie. Ek dink hy't die waarskynlik gepopulariseer.

**V:** Ja.

**A:** Toe hy die eerste keer betrokke geraak het. Want jy kan sien, in ons ou werksplanne, jy weet. My eerste werksplan vir die werk, vir die herwaarnemingsprogram, was 1983. Ek het dit hierso. Dit is op hand geskrywe. Ons het in die laboratorium op Marion-eiland gesit en ek het gesê 'oukei, *boys*, julle moet elke tien dae, moet julle by die strande verbygaan; dit en dat en so aan. Dis handgeskrywe, hierso. Die ding is nou 'n boek geword al. En 'n ou kan waarskynlik daarin begin optel waar die term *sealers* ... Maar ek dink dit is redelik resent. Want eintlik is 'n *sealer* iemand wat robbe doodmaak ...

**V:** Ja.

**A:** ... en nie met hulle werk nie. So ek sal nooit dit begin het nie. Maar ek meen dit is ... Ek weet (nie) presies hoe die vurk in die hef steek nie.

**V:** Wat het verander ... U gaan al baie, baie jare. Wat het verander met die eerste keer toe vrouens mag gegaan het?

**A:** Kyk, die eerste keer ... Ek was in daai span gewees, in daai katjagspan gewees. En dis Mariaan en Marieta, het afgegaan. En hulle het saam met ons afgegaan in Augustusmaand; ons het na die einde van die somer, het ons teruggekom met die amptelike oorname, en hulle het aangebly tot die volgende Augustusmaand. So hulle het 'n jaar gebly en toe't hulle teruggekom. En daai tyd het die skip twee keer afgekom, so ek het ... Hulle het saam met my afgegaan – of ons het almal saamgegaan – en toe ons teruggaan vir daai tweede oorname, toe't hulle saam teruggekom. En ... Kyk, ek is 'n *man's man*. Ons het altyd avontuurlustige goed gedoen. Ons is net altyd mans op die span gewees. En ek moet sê, veral as ek so 'n paar happe ingehad het, is ... Dan was dit baie lekker om met Mariaan en Marieta ... Jy weet, jy kan by die kroeg sit of ons speel snoeker saam, of jy maak 'n span op – jy weet, ek en Marieta sou teen Mariaan en iemand snoeker speel, jy weet, of so. En ons besluit ons gaan 'n bietjie sjampanje drink, en dan, as daar 'n dans *party* is, dan hoef ek nie met Jan of Gert te dans nie! Ek kan met Mariaan of Marieta ... En hulle ruik so lekker, jy weet; jy kan met hulle dans. So dit is baie aangenaam om hulle in die span te hê. Hulle was nie betrokke in die katding nie, so ons het, ek wil amper sê ... Kyk, ek het hulle baie gesien, en in die aand, almal sit altyd saam en eet en so aan, maar ons het baie uit gewees, en vir my was dit 'n baie aangename ondervinding. En

dit was ook soort van ‘n *eye opener*, jy weet, want baie van die dinge ... jy weet, hierdie *macho*-ding – die ouens ... jy weet, die Tarzan ...

**V:** Ja.

**A:** Nou, nie noodwending Marieta en Mariaan nie, maar met van die meisies wat daarna gekom het – van daai *girls* is baie taai. En hulle weeg waarskynlik ligter as jy, en veral met die hutte nou, jy weet ... Ek weet die swaarste wat ek op Marion gedra het, was 43 kg, van Ship’s Cove af terug na die basis toe, toe ons die katte in aanhouding gehad het, voor ons die virus vrygelaat het. En dis omdat hulle ... ‘n moordwalvis, of moordvis, het op Ship’s Cove gestrand, dood; ‘n 3,8 m moordvis. En ons het toe ... want daar was ‘n tekort aan katkos gewees. En ons het toe gegaan en die ding opgemeet, en toe het ons hom opgesny en die vleis terug basis toe gedra. En ek het 43 kg vleis ... ek sal dit nooit weer doen nie. Ek het 43 kg vleis op my rug gehad – ek het amper doodgegaan om basis toe te gaan. En Roy het 45 kg vleis gedra. En die sterkste van die drie van ons – ons het nie eintlik geweet hoe ... – is Craig, en hy het 38, 39 kg gedra. Maar hy was die ou wat my pak baie maklik sou gedra het, want hy was baie sterker en baie jonger as ek gewees. En hy was toe so kwaad, toe ons nou al die goed klaar geweeg het, om te sien dat hy nou nie die meeste gedra het nie; hy’t ‘n bietjie minder gedra. Al die ander mense het kom help, so ... Jannie het 5 kg gedra; dié ou het 3 – jy weet, so. En ons het 220 kg vleis basis toe gedra daai dag, en dit wat op die strand oorgebly het, dis met plasties toegemaak en daar is een van hierdie *cargo nets* ... en dis oorgesit. En ons het die volgende dag teruggegaan om die res te gaan haal, en toe’t die Giant Petrels, het alles opgevreet; daar was niks meer oor nie.

**V:** Sjoe, tot op die been?!

**A:** Toe op die ou end, toe’t ons die skedel teruggedra en die skedel gekook, ensovoorts, jy weet, om vir ‘n uitstalling hier by die departement. So ... Maar nou stap jy saam met Sannie, of iemand, en jy dra nie baie gewig nie, want nou al die hutte is vol kos, vol dit, so jy dra ‘n slaapsak; jy dra droë klere saam – jy weet, sulke goeters. So daai ding is oor, die 25 tot 32 kg-rugsak; mens hoef dit nie meer te dra nie. ‘n Manspersoon, ‘n fiks ene, het meer *core strength* as wat die meisies het, maar onder die huidige omstandighede ... Man, hulle is taai, man; die vrouens is taai. Jy weet, hulle loop ... baie van die mans, hulle loop hulle weg!

**V:** Ja.

**A:** En veral die ouens wat miskien nou nie baie buitewerk doen nie. So hulle is poegaai, en die meisie wat baie buite werk, jy weet, sy’s myle voor. En hulle is duidelik net so taai soos mans – daar’s geen twyfel daaromtrent nie. En onder die *sealers* het ons nou al een, twee ... die derde meisie wat nou op die eiland is. Hulle doen ontsettend

goed. Hulle is ook baie goed met ... partykeer baie noukeurigheid, hulle sê met datahantering, ensovoorts. En die vierde meisie sal nou weer afgaan vir ons, so ... Ons het onderhoude met hulle almal ...

**V:** Wie was die eerste meisie gewees?

**A:** Die was Bianca Harck; was die eerste meisie gewees. En sy het met Neil Makhado afgegaan. En die tweede was Cheryl – so Nico se vrou. En nou is die Mia Wege wat op die eiland is. En die volgende meisie is Jean Purdon, en sy's hierso – sy's eintlik van Zimbabwe af, en sy't nou net haar Meesters klaargemaak hier by Wildlewebestuur. So, jy weet ... Maar my groot ding is, die ding wat hulle mee sukkel, is as jy baie swaar goed moet optel om te weeg – olifantrobkleintjies wat 200 kg weeg, ensovoorts. En die ander ding is, jy wil ook nie hê die mans moet altyd inspring as die vrouens dit nie kan doen nie; dan begin dit 'n ongesonde situasie te raak, jy weet.

**V:** Het dit iets verander aan die dinamiek op basis?

**A:** Absoluut. Ek meen, die ding is, die sekse en die rasding. Jy weet, ek meen dit ... Jy kan dink. Hier's 8 of 10 wit mans, almal met lang hare en almal taai, jy verstaan? Tot jy meisies die eerste keer inkry. En ek het al gesien, mense se ... mense wat ek baie goed ken, hulle hoor daar in die oorname of op die skip wat afkom, is daar meisies, en dan, van hulle, het gedrags-, persoonlikheidsverandering, net daar. Jou mond hang oop; jy kan nie glo dis dieselfde persoon nie, as jy ... jy weet. So dis wat die dinamika verander. Ek dink nou is dit baie minder daai soort van sports, jy weet, want hulle het nou gewoond geraak. Dis soos by die huis, in baie opsigte. So ja, die dinamika het baie verander. En die rasseding het ook ... En partykeer werk dit baie goed en ander kere werk dit baie swak.

**V:** Kon julle dit optel in die spanne wat afgaan, dat daar mense is wat gekonfronteer word met kulture of met mense wat hulle nie vantevore gedoen het nie...

**A:** Kyk, in die begin, heel in die begin, was dit 'n baie nuwe ding. En ek ... Wel, ek ... Ek dink ek die eerste swart persoon, het ek aangestel as 'n *sealer*. En die tweede een was Neil Makhado – en hy't nou sy Doktorsgraad gekry aan die Universiteit van Kaapstad. Hy was 'n ster, altyd gewees en sal altyd wees. En 'n hele klompie ander mense ook, so dit hang van hulle houding en goed af. Jy kan ... veral as hulle polities is, dan gaan dit nie te *hot* nie, jy weet. Maar vir die res is die piekfyn. Dis eintlik maar soos enige iemand anders – jy kry *useless* wittes, vroumense ... iets van almal, jy weet.

**V:** Ja.

**A:** En daar's altyd die sterre, en dan's daar die mense wat gemiddeld is, en dan's daar die *odd* ene wat regtigwaar 'n pyn is, jy weet. En dit kan enigiemand wees.

**V:** Ja.

**A:** Ag, moet my net nie vra wat ek verkies het nie. Ek dink net elke tydvak het sy ding, jy weet. Daai tyd was jy jonk, sterk en al daai goeters; nou is dit so heerlik om die dames ook daar te hê, want dit maak dinge net meer ... ek sou sê meer verfynd, jy verstaan?

**V:** Ja.

**A:** En hulle ruik so lekker ... ! En dis baie aangenaam, jy weet. En as jy 'n partytjie het, kan jy ten minste met iemand dans wat lang hare het én wat 'n meisie is ... ! Nie met 'n man nie!

**V:** Het julle destyds op Marion, in die 1970's en die 1980's ... Wat was julle vermaak gewees in die aand? Het julle soms danspartytjies gehou?

**A:** Ons het ja; nie baie nie. Jy't met 'n besem gedans; met 'n mop; met mekaar gedans. Jy weet, ons het mekaar geleer dans. Ek kon, ek kan dans, maar nie dat ek nou vreeslik kon langarm nie. Miskien, van die ouens, het langarm gedans. Ek onthou Gough – doer die jare was Gustav Goldschach [?] – jirre, hy was 'n goeie danse gewees! – so ek kan dan die vrouerol speel en hy's die man, of ons kan omruil, jy verstaan.

**V:** Ja, ja!

**A:** En dis ... Ons is nie poefters nie. Die ding is net, dit was net so aangenaam gewees om met iemand te dans – lekker musiek, en dan gewoonlik is dit maar die *rock 'n roll* en so aan. En natuurlik met die .. En dit was dit: dit was drink en *parties*. En dan lekker kosmaak en *party*. En dan nog drink en *party.* Jy weet, tussen die werk deur. Want ons gaan weg byvoorbeeld op Gough, in die 2000's soontoe, toe ons nou ... ek 'n assistent het. Dan gaan ons weg vir 'n week. Dan bly ons in 'n tent op 'n verlate plek, jy weet, verstaan? En dan doen ons nou ons werk – ons doen gedragstudie van die robbe. As ons 'n week later by die huis kom, dan is dit so lekker om daar te wees, want jy kan nou was ordentlik; jou kamer lyk so groot, want jy't in 'n tent gebly ... En dis ... Ons het daai afwisseling gehad. En dan't jy jou partytjie gehad; jy't lekker kos gemaak. En jy kan gaan op Gough, jy kan gaan visvang; jy kan miskien gaan kreefvang ... En daar is, en veral in die somer, is daar lieflike dae, so ... En jy het kommunikasie met die huis. Dis alles alles per teleks. Jy't 'n beperkte aantal woorde. Eenkeer 'n maand moet jy jou senior ... die *principal investigator* kan jy bel, op 'n Vrydag, met daai ou toerusting, jy weet, so jy kan nie altyd lekker hoor wat die ou sê nie – en dit pas jou ook baie keer natuurlik. Jy kan jou ouers, of jou nooi, kan jy bel eenkeer 'n maand, op 'n Sondag. En jy weet, so. So dit was werlikwaar 'n avontuur. Nou, soos jy weet, jy stap by Marion-basis (in), dan lui 'n telefoon. En dis Mamma wat met Jannie wil gesels.

**V:** Ja.

**A:** En Jannie later wil nie meer die telefoon beantwoord nie. Hy sê vir almal hy's nie daar nie; hy's in die veld, want hy wil nie al ... die hele storie, jy weet, verstaan? So dinge het so drasties verander, dat dit is ... Maar soos ek sê, vir die werk is dit ongelooflik.

**V:** Goed ...

**A:** Ek meen, toeka se tyd, dan moet jy 'n jaar wag voor jy die data kry as jy hier wag en iemand werk vir jou daar. Nou stuur hulle dit per e-pos. Dit is ongelooflik. Maar in terme van 'n avontuur wat daar is, is nie naastenby; dit het nie die naastenby ... soos wat dit was nie. En daar was mense nog voor óns gekom het. Jy weet, hulle het met Morsekode gewerk; hulle het nie eers 'n teleks gehad nie. Die teleks was modern gewees, jy verstaan. So dit is ... Ja, dit is heeltemal anders.

**V:** Was daar nog soms kapellane wat saamgegaan het?

**A:** Gereeld; gereeld.

**V:** Wat was hulle werk?

**A:** Hulle was daar ... Gewoonlik ... Die kapellane het toe ook betrokke gewees by die span en die spanopleiding. So die span het geweet dié ou is jou kapellaan. Nou as almal Nederduits-Gereformeerd is, dan is dit jou kapellaan. Maar as jy nou Rooms-Katoliek is, dan's dit nie noodwendig ... Jy verstaan?

**V:** Ja.

**A:** So, nou met die ander kulture en so aan, jy weet ... Hulle moet seker maar ook 'n *sangoma* een of ander tyd saam vat. Die ding is ... Ek weet nie wat die mense daaruit geput het nie, maar ten minste ... hulle het mense wat miskien bietjie swaar gekry het in die begin en die oorname ... Veral oorname is so deurmekaar; dis nie so *gesettle* soos dit in die jaar is nie. En dan veral as hy miskien ... jy weet, die nooi het vir Jannie gesê 'tot siens' het jy maar nuus gekry daai tyd; twee maande by die eiland. Dan kan hy ten minste met die kapellaan – want hy ken hom nou persoonlik – miskien met hom... Miskien bel of 'n brief oor die teleks skryf, jy weet; as jy swaar kry. So dit hang af van hoe godsdienstig die mense is, en watter Kerk hulle af is, jy weet. Ek meen jy kan nie vir elke een (een) afvat nie. En ek persoonlik dink dis totaal en geheel en al oorbodig.

**V:** Ja. Maar het hulle hulle soms afgevat vir 'n jaar?

**A:** Nee, dis altyd met oorname gewees. Nee, dis altyd oorname. Ek meen, daar's van hulle wat baie teleurgesteld was. Ek onthou een – hy't wonderlik kitaar gespeel; (werklikwaar fantasties) en dan't hy by die kerk – op die skip byvoorbeeld, en ook op die eiland, op Sondae. Dan maak ... Dan sou hy die kitaar gespeel het, en daar's

mense wat gesing het, en so aan. En ek het baie keer net gegaan om die saal vol te maak; nie omdat ek... En net dat hy nie teleurgesteld is nie. Want dan sê ek vir hom 'onthou, jy moet nou nie verwag dat daar 60,000 mense opdaag nie – ek meen, baie keer is daar baie mense wat opdaag. En dan  weer, dis my persoonlike beskouïng, maar baie van hulle is regtigwaar, hulle is waarskynlik kriminele by die huis, jy weet, so ...

**V:** Ja.

**A:** So die ... dis maar 'n moeilike ding ... Die ding is net, hulle vat plek op van iemand wat baie, baie ... wat ons, net in terme van die wetenskap, 'n baie nuttige werk kon gedoen het. En ...

**V:** Maar hulle het hulle nooit vir 'n jaar daar afgestuur nie? Ook nie in die verlede nie?

**A:** Nee; nee nooit nie. Tensy dit iemand is wat...  ek meen, soos my goeie vriend André Pretorius. Ek weet op ' n tyd het hy op Stellenbosch gestudeer by die Konserwatorium, jy weet. Ek dink hy't dit toe opgegee en eiland toe gegaan as 'n weerkundige. Maar ek meen, hy't nie gegaan ... Hy't vir 'n ander ding gegaan...

**V:** Hy's nie aangestel nie?

**A:** Nee. So ...

**V:** Destys, sonder nou die internet op die stasie of so, kon mens ... Hoe was dit om elke keer weer terug te keer na Suid-Afrika toe? Is daar goed wat mens gemis het? Ek praat nou van '76 – wat het gebeur toe julle terugkom?

**A:** Kyk, ek's eintlik die verkeerde persoon om te vra, want toe ek die eerste keer Gough toe gegaan het, die verstandhouding was – wel, dis hoe ek gedink het, ek en die groep – ons span het gegaan vir die jaar. En toe, na omtrent 5 maande, toe sê my senior vir my ... het my laat weet, Prof Jannie-hulle [?], en hy sê, kyk Marthan, ons gaan nou reël dat hulle jou met 'n vissersboot terugbring, sodat jy die volgende somer weer kan gaan, want die nuttigste tyd is die somermaande, wanneer al die robbe daar is. En dit was vir my 'n helse skok.

Ek onthou, ek staan met – ek het 'n mooi foto daarvan – ek staan met my visstok. My pa het vir my ... Ons het altyd saam visgevang, en ek het dié visstok saam gevat Gough toe om snoek te vang. (Nou) staan ek met my visstok op die ... Ek huil, want ek wag nou vir die motorboot om my te kom haal, want ek moet nou huis toe gaan. En ek kom... Oukei, bakgat; ek kom weer terug volgende somer, jy verstaan. So, in die volgende somer, toe's dit nou my nuwe vriende, en dan my ou vriende, wie ek ses maande laas gesien het. En dit wat nogal moeilik ... Maar vir my om by die huis te wees na ... was 'n nagmerrie; 'n absolute, totaal en geheel en al nagmerrie. En die ding is, die vissersboot waarmee ek teruggekom het, was nie *foreign going* nie, met

ander woorde, hulle kon nie passasiers optel nie. En toe ons in die hawe inkom – en dis 'n storie op sy eie, want die skip het om Gough visgevang; dit was die *Hillary*. Toe sit ek op die skip vir 'n paar dae. Toe gaan die skip na *Inaccessible Island* toe; daar sit hulle my oor op 'n ander skip – die *Gillian Gaggins*, wat ... een enjin was stukkend; die ander een het net op 10 silinders uit die 12 geloop. Daarvandaan het dit twee weke gevat om in die Kaap te kom. Ons het selfs 'n seil opgetrek, want dan stop die enjin totaal en geheel en al. So, basies 3 weke nadat ek op die boot geklim het, kom ek eers in die Kaap aan; in die middel van die nag. Gelukkig Hank [?], wat die kaptein was – hy was ook later kaptein op die Agulhas – hy hoef nie te wag vir die *tug* nie. Hy kon net in die hawe ingaan. En hy het, en toe's dit sê maar halfeen in die oggend. Ek gaan na 'n telefoon – hierdie tiekiebokse van die ou dae – gooi ... bel ek my broer om my op die hawe te kom haal. Daar's geen doeane, niks nie.

Die volgende dag moes ek na die ... na Mnr ... met die hoof van die ... Tristan Investments – hulle is die maatskappy wat die kreefvangs, die fabriek het op Tristan. Toe moes ek saam met die Besturende Direkteur, en ek, moes toe na die doeane toe gaan, of die *customs* ... immigrasie toe gaan, om te sê A. hier is my paspoort; B. ek's in die land; C. ek was siek op Gough en hulle moes my *evacuate* – want kyk, die skip mag nie passasiers oplaai nie. So dis my inkoms. En ek is by my broer-hulle die eerste aand ... en die volgende oggend word ek wakker – ek slaap op die vloer in die studeerkamer – ek word wakker, en dit is soos ... dis die swartste dag in my lewe. Ek was so ... my senuwees was so op gewees, want nou moet ek nog hierdie doeane, hier immigrasieding doen, en dis al die goed – ek moet terug Pretoria toe kom, jy weet, en ek is 'n Kapenaar, en ek was hier net 'n maand gewees voor ek Gough toe gegaan het. *Don't ask*; dit was 'n absolute nagmerrie. En ek glo partykeer ... Jy weet, mense sien dit nie altyd nie – jy weet mos wat binne-in jou aangaan. So ek dink baie van die mense wat terugkom, baie van hulle voel ook seker soos ek. Ek het al baie ouens gesien huil, wat na die jaar op Marion byvoorbeeld was en terugkom. Jy weet, hulle ... regtigwaar, hulle is hartseer. Hulle is baie bly om huis toe te kom ook, maar daai ondervinding was vir hulle absoluut ongelooflik, en ... Maar die ding is die ongelooflik kommunikasie wat ... So jy's weg, maar jy's nie regtig weg nie, want jy kan e-pos stuur; jy kan dit, jy kan doet; jy kan op die *web*, kan jy goed aflaai; jy kan 'n *movie* kyk. Julle het ... Ons het van daai ...

**V:** 16-mm ...?

**A:** Amper sê ek dit *cellulite*!

**V:** Ja ... !

**A:** Jy weet, so jy't op elke Saterdag, dan't jy een gekyk; op die volgende Woensdag kan jy ene wat jy reeds gesien het weer kyk as jy lus het. Maar so het ons dit gereguleer. Nou lê die ouens die heeltyd voor die TV, of van hulle, en speel *computer* goeters en

al daai soort van dinge. Daai was nie daar gewees nie. Maar ons het uitgesien na ‘n Saterdag, as jy by die huis was, want dis *popcorn*, dis dit, dis dat; en daar’s die film – Saterdagaand, soos dit behoort te wees. Of ‘n Woensdagaand vir ‘n *show.* So, ek meen as jy nou kyk na Gough – dis ongelooflik toe ek nou daar was. Hulle het *surround sound* – dis ongelooflik daar by die ... Ek meen jy wil ... jy kan die heeltyd *movies* kyk of ‘n DVD oor *what ever*, en almal bly maar by die huis, jy weet; veral die ouens wat moet – behalwe die ouens wat nou móét uitgaan natuurlik, want jy ... So vir baie van die mense ... dis asof jy in Llundudno in die Kaap bly, maar jy mag nie dorp toe gaan nie; jy verstaan?

**V:** O, ek verstaan.

**A:** Jy sit; jy’t al die fasiliteite daar, en afhangende van die samestelling van die span ... Ek meen Jannie en Sannie is ... kerm mooi, so jy’t definitief niks nodig uit Suid-Afrika nie. Jy weet, jy’t ‘n nooi daar of jy’t ‘n kêrel daar; daar’s al die kos in die wêreld; als is verniet – jy kan ‘n *rump steak* eet; dit en dat en so aan, en baie van die goed wat jy nooit eers by die huis sal dink om te koop nie, dit is daar. En dis ‘n ongelooflike lewe!

**V:** Ja.

**A:** Absoluut ongelooflik! Jy kan net nie dorp toe gaan nie. So dit is nie daai ... dis definitief nie meer daai avontuur nie, jy weet; glad nie.

**V:** Hoe’t julle nuus gekry uit Suid-Afrika uit? Het julle ooit nuus gekry in die 1970’s en ‘80’s?

**A:** Ja, jy kan op die radio gaan luister, in die radiokamer, die nuus – so hulle sal insit op BBC World of ... Jy weet, daar’s baie stasies wat jy kan na luister. Ek meen nou nog op Marion, as jy in een van die hutte is met ‘n ordentlike radio wat werk, dan kan jy sê maar Radio Oranje optel, of... daai goeters kan jy bietjie luister; dis baie moeilik.

**V:** Het julle dit gedoen?

**A:** Ja, hulle doen dit nou nog. Hulle luister na van die uitsendings. Maar daar’s sekere stasies wat ook daarop gerig is om nie ... Dis nie binne-in die land nie; dit is BBC World of so iets, jy weet; dis vir ander mense, die Australiaanse goeters... So jy kon radio geluister het, na sulke nuus; dan’t hulle ‘n teleks ... sou hulle vir jou die nuus van die maand of nuus van die week of iets gestuur het, en dan al die briewe wat jy kry. Sê maar jy skrywe vir my ‘n baie persoonlike brief – jy pos dit na die Departement van Vervoer of *whatever* dit daai tyd was, hier in Pretoria, hoek van Struben- en Bosmanstraat, dan’s daar een tannie wat daarmee werk, met die pos – sy maak dit oop; sy lees jou brief; dan gee sy dit vir iemand anders wat dit tik op ‘n teleksmasjien en dan die *tape* mooi op sy vinger rol, en dan stuur hulle dit na jou toe. En dan kom hy nou so ... en dan mis hy so paar woorde of so paar letters en so aan. So die tannie het al jou briewe gelees en al die briewe wat jy geskryf het, het sy

gelees, want jy weet, sy druk dit aan die ander kant uit. Voor die tyd het jy ‘n koevert daar gelos met seëls op, so sy’t daai teleks wat sy uitgedruk het in Pretoria, wat sy van Gough af gekry het, dan pos sy dit na jou mense toe. So hulle kry dit ‘n week later, of so aan.

**V:** Maar hoe voel mens as jy nuus kry van Suid-Afrika af daar? Is mens maar ... ?

**A:** Nee, dis piekfyn. Die ding is, ek is op ‘n avontuur. Ek’s besig met my werk, en die gelukkige ouens is die ouens wat nie ‘n nooi by die huis gehad het nie, want dit het altyd probleme afgegee, veral as jy ‘n oproep maak eenkeer ‘n maand (en) jy kan nie lekker hoor nie, en al die misverstande wat daar plaasvind. En dan’s jy vry, jy weet. Jy’t jou ouers en ... so jy skrywe vir hulle, en jou senior skryf vir jou ‘n brief en sê ‘doen dit, doen dat’ – gewoonlik weet hulle in elk geval nie wat op die eiland aangaan nie; jy’s nie enigste ou. En dit was deel van die avontuur gewees.

**V:** Het julle nuus gekry oor goed soos, sê nou maar, die noodtoestand in Suid-Afrika, of ... ?

**A:** Jy sal sulke goed kry. Ek meen, my pa is oorlede toe ek ‘n jaar op die eiland was. En ek het dit op ‘n Sondagtelefoonoproep gehoor. En dis vreeslik, maar ek meen, dis iets wat jy moet ... *You’ve got to deal with it*.

**V:** Ja.

**A:** En die ding is, daarom ... die natuurskoon; ek weet hy was baie bly gewees vir my om daar te wees. Ek was altyd ... Jy weet, so dis miskien die beste plek, dat sulke soort van goeters gebeur, as dit nou moet gebeur; *that’s not so bad.* En die familie het dit alles by die huis uitgesorteer, maar jy’t nie ‘n keuse nie; jy sit daar. Maar jy sal al daai nuus, sou jy gekry het. En dan natuurlik, die ander groot bron van nuus is die radio-amateurs.

**V:** Ja.

**A:** So, sê ons het Ian Retief. Hy was ‘n radio-amateur toe ons die jaar op die eiland was. So hy het elke aand ... het hy met die wêreld gepraat omtrent. So jy hoor alles, jy weet. En natuurlik hy’t sy eie toerusting saamgevat en hy’t die lugdrade van die basis gebruik, so hy kan ... hy praat met ... Sy vriend was in die Paarl [?], was Ferrucio gewees, so Ferrucio het hom alles gesê wat aangaan. Jy praat met ‘n ou in Australië, ‘n ou in Denemarke, ‘n ou ... Jy weet, so ...

**V:** Ja, soos ons maar vandag ook nog doen.

**A:** Ag man; ongelooflik!

**V:** Ja. Wie was die belangrikste mens op ‘n span?

**A:** Die belangrikste mens op die span was die leier. Nou hulle was nie altyd baie goed gewees nie. En weereens, die keuses wat *whatever* departement op daai stadium in beheer was ... die keuses wat hulle gemaak het partykeer ... Jy kan dit net nie glo nie, hoe swak die keuse is nie. Want dis sommer duidelik, in die oorname – eintlik by die opleidingskursus – dat die persoon nie geskik is vir die werk nie. En wat hulle in die verlede gedoen het, hulle is ... Laat ek nou 'n voorbeeld gee.

**V:** Ja.

**A:** Byvoorbeeld: jy's op Marion-eiland; jy kom op Marion-eiland aan vir die oorname. Die span daar het een swartskaap. Die swartskaap is, sê maar, die *medic* – hy slaap in die dag en hy is besig in die nag; sy vensters is met swart sakke toegeplak sodat daar nie lig kan inkom nie. Oukei. Dié persoon het nie sy werk gedoen nie, né? Almal kla oor hom. Die span kom terug in Suid-Afrika; dis nie lank nie, dan is die volgende span Gough toe. Dan word só 'n persoon miskien as 'n leier aangestel vir die nuwe span, omdat hy het die idee van hoe om ... hoeveel botter moet saamgaan, en die kos bestel, en so aan. En in dié geval gaan hulle Gough toe, en in daai tyd sê die span 'óf hierdie ou gaan huis toe, of ons gaan' – jy weet, die die soort van foute wat in die verlede al gemaak is. En dis 'n vreeslike onreg wat hulle aan die span doen. Jy verstaan nou – daai tyd is dit nog sielkundige ... Hulle doen dit nie meer nie. Ons het almal vir sielkundige evaluasie gegaan as deel van die medies, jy weet, om te sien as jy nou regtigwaar ... as hulle jou kan uitvang dat jy 'n skisofreen is, en so aan. So ...

**V:** En hulle doen dit nou nie meer nie?

**A:** Glad nie. Maar bygesê, in my persoonlike ondervinding, is daar mense wat afgekeur is, sielkundig né, op daai grond, wat wel gegaan het, want hulle het nie 'n keuse gehad nie. En dat dié mense is absoluut 100% in daai spanverband op daai plek. So jy weet nie altyd nie, maar ek dink dis miskien op grond hiervan dat hulle van dit afgeskaf het. Want jy weet nie altyd hoe dinge gaan uitwerk nie. Daar's regtigwaar ... daar's mense wat in hulle ... jy weet, baie goed gevaar het daar, maar daar was groot ... hulle het ... mense het bedenkinge gehad, jy weet, voor die tyd; amptelik het hulle bedenkinge gehad. So dis baie moeilik. Dis maar ook die ... Maar gou-gou, drie, vier maande, dan is alles ... alles is verborge. As jy dink dis *safe* ... Jy kan nie 'n front hê; dit val later, jy weet. Mense leer jou later vir wie jy is, wat dit ook al is.

**V:** Wat was destyds die grootste uitdaging wat wetenskaplikes gehad het, en wat is vandag die grootste uitdaging? Of *challenge*; wat is vir hulle ... ?

**A:** Die ding is, toeka se tyd was net ... Die logistiek was baie swak; dis ongelooflik swak gewees. Maar dit was net ... Ek dink in Suid-Afrika, die ... Hulle het vir die Antarktiese program aangebied wat hulle moontlik kon, jy verstaan?

**V:** Ja.

**A:** Dit was nie sêkonder of minderwaardig of iets nie, maar dit is ... Dit is soos die dinge nou was. En ek dink die groot voordeel van daai tyd ook is, onder andere, was baie sterk persone wat ook leierskap gegee het oorkoepelend, oorhoofs. Ek dink die wetenskaplike koördinasie daai tyd was ook baie goed, omdat ons vir Pat Condy gehad het, wat vroeër 'n *sealer* was. En hy het toe by die NRS – toe's dit FRD – hy was die... Hy's 'n amptelik aangestelde koördineerder, met 'n Doktorsgraad in Dierkunde. So dis een ding. En na Pat was daar nog nooit 'n navorsingskoördineerder wat 'n hoër graad het wat op die eilande gewerk het nie. Baie ander mense doen die beste wat hulle kan, maar daar was nog nooit daai ... Ek was so 'n posisie aangebied, maar ek het dit nie gevat nie, toeka se tyd, maar dit het beteken ek kan nie meer navorsing doen nie.

**V:** Ja.

**A:** Maar daai pos is nog altyd minderwaardig gewees teenoor die senior persone wat byvoorbeeld by die Departement Omgewingsake en Toerisme ook gesit het, jy verstaan? So jy moet die koördineerder wees, maar jy't nie 'n rang – almal is basies bo jou, en jy het 'n PhD en tien jaar se ondervinding, jy verstaan? So niemand het dit ooit gevat nie, toe dit geadverteer ... want dis 'n minderwaardige pos gewees. So ek dink, toe Pat in die rondte was, daar was baie goeie wetenskaplike koördinering, maar die logistiek was swak uiteraard – *it was a sign of the times*.

**V:** Ja, ja, ja.

**A:** En nou ... Daar's omtrent geen verskoning om nie uitstaande werk te doen nie, want alles is in plek op die eiland. Die logistiek is ongelooflik. Ek meen daar is *hiccups*, jy weet, en daar's persoonlikhede wat betrokke is en ego's, en al daai soort van dinge, maar ek meen, ons het nou vir die nuwe mense gesê wat ons nou aangestel het, nog nooit ooit was daar die gerief en die geleentheid om werk te doen soos wat jy nou kan doen nie. En ons praat nie eens van die nuwe basis nie, want ons het nog nie die ondervinding daarvan nie. Dit is absoluut ongelooflik. So, soos in enige ander ding, die beperking – gelukkig het ek persoonlik nie daai beperking nou in my program nie – is ... Dit gaan altyd die geld wees. Jy weet, hoe meer geld jy ... jy kan nooit genoeg geld hê nie, jy verstaan?

**V:** Ja, ja.

**A:** En natuurlik, uiteraard, die eilande is ... Jy weet, daar moet 'n beperking op getalle wees. Jy kan nie ... Ek meen, in die skip is die – noem dit nou maar 'n bottelnek; dis nie eintlik 'n bottelnek nie. Die ding is net, jy kan net soveel mense hê op daai eiland; jy kan net soveel hê. Verby 'n sekere getal – ek weet nie wat die getal is nie – dan gaan jy regtigwaar baie skade doen aan die eiland. Jy weet, jy kan die diere versteur – ons versteur die diere nou; ons probeer dit tot die minimum beperk. So daar is 'n ...

En die besoeke aan Prins Edward-eiland – al hierdie soort van goeters is daar. Maar ons gaan mos nou 'n nuwe bestuurspan hê, en dit en dat en so aan. So ek dink dis altyd maar geld – hoe meer geld jy het, hoe meer kan jy doen. Maar die geleenthede vir fantastiese werk op Marion-eiland is nou; dis daar. En dis al vir 'n hele tydjie daar, jy weet. En al die ander dinge wat daarmee saamkom, gaan jy in enige situasie hê: ego's, dit, dat; jy weet self – jy was op 'n oorname daar gewees.

**V:** Wat beteken Marion-eiland in Suid-Afrika vir wetenskap? En wat beteken wetenskap vir Marion? (Kan jy) meer uitbrei oor die verhouding tussen Marion-eiland en die wetenskap?

**A:** Marion-eiland ... As jy gaan, en 'n hele paar mense het dit al genoem; as jy gaan kyk na die produktiwiteit in terme van mense wat betrokke is – die programdirekteure; mense wat ... *principal investigators* (soos) Steven en myself en Valdon en al hierdie mense, daar is geen plek wat meer produktief is as wat uit Marion uitkom nie. En ons praat nie van artikels wat ... Ons publiseer; ons almal, oor 'n wye spektrum van plekke, maar die mense kom in "Nature" en "Science"; hulle kom in die "Conservation Biology ... " – jy weet, al hierdie goeters. So dis nie Mickey Mouse-goeters nie. En ook, in hierdie ... Almal praat van klimaatsverandering, maar ons is so lank, 'n langtermyndatabasis vir Marion – toevallig die robbe; daar's die 'Wandering Albatross'; dis al die ander werk wat ek al gedoen het: die indringerspesies, en al die lesse wat ons daaruit kan leer.

Dis ongelooflik, jy verstaan? Want dinge is nie ... Dis gekompliseerd, maar dis nie so gekompliseerd daar nie. Hier, as jy wil temperatuur meet, jy weet, daar's 'n teerpad hierso; daar's uitlaatgasse van dit en dat. Jy weet, jy't nie daai probleme daar nie. En ek hoef dit nie vir jou te probeer verduidelik nie, so dis werklikwaar soos almal maar sê: dis 'n goeie laboratorium – dis ver uit in die middel van die see; daar's nie altyd al hierdie ander effekte nie, soos byvoorbeeld temperatuur. Valdon het gesê, dis omtrent min of meer soort van die gemiddelde temperatuur van die wêreld. Dis wat jy daar op Marion kan kry, sonder dat hierdie ander effekte 'n rol speel. En jy kan dit op die langtermyn doen, so jy leer lesse oor hoe ekosisteme werk; oor indringerspesies, jy weet, hulle weerstand – al daai goed wat Valdon aan hulle doen en wat Steven-hulle doen, ensovoorts; en al die ander mense. En jy kan dit terug *feed*; jy kan die gebruik in ... van toepassing in die Suid-Afrikaanse konteks. En baie van die goed natuurlik, jy moenie altyd dink aan toepassingswaarde nie; jy moet onthou dis 'n natuurreservaat, so ons beskerm al daai organismes daar. Ons het 'n *exclusive economic zone*, so daar's vissery aan die gang; jy moet ... jy't 'n bestuursplan – as jy bestuursplan wil hê, moet jy weet wat aangaan. Dan moet jy die verhouding van die verskillende organismes en goeters, al die lede van die ekosisteem, so ... En dit behoort aan Suid-Afrika! Jy weet, so dis net nog een plek wat

ons moet bewaar. Ons het nie toerisme nie, en hopelik het ons nie baie toerisme in die toekoms nie, of glad nie. Maar ten minste, soos hierdie program wat ons nou hier het van Urban Brew, *Marion 101*, Marion-eiland – al daai goed. Daar is mense wat daarna luister en hulle het waardering vir die feit dat ten minste ... Dis soos die Kruger Natuurreservaat – jy gaan nie noodwendig daarnatoe nie, maar jy weet daar's 'n deel van Suid-Afrika wat bewaar word vir die nageslag, en veral hierdie wonderlike wilde diere wat ons het. So jy ... En mense skrywe artikels, jy weet. Jy tel ... Ek weet nie of jy die "Sarie" lees of wat dit ook al is nie ...

**V:** Ja, ja.

**A:** Maar al daai artikels; waar dink jy kom daai artikels vandaan? Iemand wat daar deur gery het? Nee, dit was een of ander wetenskaplike wat die goeters uitgevind het, jy verstaan. So dis orals daar; orals om jou is die produkte van Marion en van ander plekke in Suid-Afrika.

**V:** Oukei, ek wou vra wat dink jy van toerisme, maar ...

**A:** Wat dink ek van toerisme? Ek dink ons gaan 'n lat vir ons eie gat sny as ons toerisme toelaat, want sodra jy ... Veral in die Marion-opset – dis nie 'n plek waar jy maklik kan gaan land nie.

**V:** Ja.

**A:** Die groot probleem met indringerspesies, want jy kan dit nie beheer nie. Jy sal dit nooit kan beheer nie; seersekerlik nie op 'n toeristeskip nie. Dit is moeilik genoeg in ons eie opset om mense absoluut verantwoordelik te laat optree. En ek vat myself as ek goeters hier pak, jy weet. Ek kyk vir goeters; maar daar's baie ander mense wat nie kyk nie, want dis die laaste ding wat hulle ... En jy weet, daar gaan soveel vrag af, en planke en pale en goed, jy weet – *who knows what's in there*? So as ons sukkel om dit te beheer, hoe gaan die ander mense sukkel om dit te beheer? En sodra jy mense moet opvlieg, of hulle moet ... En die versteuring wat daarmee saamgaan, jy weet ... So ek glo A – daar moenie toerisme wees nie; as daar is, dan moet ... Ek meen, ons het reeds toeriste, want daar's mense wat op die skip klim wat vir oornames gaan, wat ek glo behoort nie daar te wees nie. So hulle is ons onoffisiële toeriste. Maar ons moet deur vas te byt en dan maar met Urban Brew voor die kamera te gaan sit – alhoewel dit die laaste ding is wat jy wil doen – en dan moet jy jou inset dáár lewer. Jy moet maar daai artikeltjie skrywe wat in "Africa Geographic" gaan kom en so aan, en op daai manier vir die mense te laat weet luister *boys*, ons kyk na hierdie plek, ons natuurreservaat, spesiale beskermde area in die Suidelike Oseaan – dis wat ons doen; dis wat ons uitvind. En die mense is gretig om dit te lees en daarvan te hoor.

So ek dink dis ‘n manier wat jy dit wil ... en dat ons verantwoordelik is met daai erfenis wat ons het. Maar as jy vir mense ... Jy weet, hulle het mos die scenario’s geskets – dis of ‘n klein skip met baie ryk mense wat kom, of ‘n baie groot skip wat baie mense kan hanteer, maar dis  baie goedkoper. En jy weet, en jy noem dit, al hierdie goeters, en dan ... ek dink as jy waarskynlik met mense praat op Maquarie-eiland, wat baie toeriste soontoe toe kry, en hulle het mense van die Tasmanian Wildlife Services wat dit beheer – so hulle het *rangers* en hulle het dit en dat en so aan – en op South Georgia en so aan ... Ek dink daai mense, hulle gesel hulleself.

**V:** Ja, ja.

**A:** Jy weet, veral die administrasie. En elke slag, hier kom die skip; hier’s nou al weer nog ‘n versteuring natuurlik. Ek meen ons wil sê maar ‘n instrument op ‘n rob sit – jy weet elke ... hier kom ‘n helikopter al weer oor; hier kom dit; hier’s dat. Jy weet, dis altyd hierdie ... En ek sou liewer sê dat – en dis nie mý idee nie; dis wat iemand anders genoem het – maar jy weet, laat ons maar meer vaarte hê Marion toe en dan meer wetenskaplikes kry en minder daar op ‘n slag te hê, en as jy iets wil gaan doen wat werklikwaar die moeite werd is en wat ... Gaan vir jou twee maande en kom terug; jy hoef nie daar vir ‘n jaar te gaan sit nie. Maar die dinamika moet nou verander. Ons het ‘n wonderlike nuwe basis. Dit help nie ... Daai ou spanne – en ek het altyd daarvoor gestaan, want ek het self daardeur gegaan – dis so wonderlik om geïsoleerd te wees en daai avontuur, maar daai tye is nou definitief oor.

**V:** Ja.

**A:** Dit ... Daar gaan altyd verandering wees en daar gaan nuwe mense aankom – ek meen, die Franse eilande, op Kerguelen, waar ek was, hulle het so iets soos vier oornames in ‘n jaar. Hulle vat eers al die telekommunikasiemense en vervang hulle met iemand anders. Dan is dit die mense wat die kragsentrale werk en so aan. So daar ... Dit gaan so aan, en dis maar die moderne ding, jy weet. Die dae wat jy geïsoleerd sit in ‘n slaapsak en bibber op die een of ander eiland en jy kan nie lekker met jou ma gesels nie, dit is verby. Dan moet jy ... Ek weet nie waarnatoe jy moet gaan om dit te kry nie, maar ek meen, Marion, ons moet werk maak van die navorsing daar. Die span is baie belangrik en al daai tipe dinge, maar ek meen ... Want ons het nóú ... Daar’s probleme daar, want partykeer kry jy ‘n spanleier wat dink hy’s baie belangriker as dit wat hulle daar doen. Hulle vergeet ... Hulle vergeet hoekom hulle daar is. Daar’s wetenskaplikes, hulle vergeet hoekom hulle daar is. Hulle word so opgetrek deur daai isolasie en hulle het nie daai verantwoordelikheid daar wat hulle op ‘n ander plek het nie, en van hulle doen nie hulle werk ordentlik ook nie, jy weet. Ek meen...

**V:** Ja, boonop.

**A:** Ek meen, dit is bowen dit ook. So, hulle vergeet hoekom hulle daar is, en ... Jy weet, ek dink as daar gereeld vernuwing is en daar's geleentheid vir mense om werk te gaan doen... Maar ék sou sê toerisme: nee. Maar ons moet op 'n ander manier dan vir die mense bewus maak wat ons doen.

**V:** Sou u sê daar's 'n toename in bewustheid oor die eilande en Antarktika?

**A:** Natuurlik, definitief. Kyk, ons is nie naastenby waar Australië is nie – Australië is 'n ongelooflike voorbeeld, want almal weet van die Antarktiese program.

**V:** Ja.

**A:** Dit is 'n nasionale ... Dit is hulle trots. Hulle het ook drie areas in Antarktika wat hulle nie-amptelik, jy weet, beskou as hulle s'n.

**V:** Ja.

**A:** En hulle is op hulle seëls. Hulle is in die nuus. Hulle gee pryse vir hulle wetenskaplikes – en ek praat nie van 'n goue medalje hier en daar nie vir uitgesoekte mense nie. Jy weet, daar, regtigwaar ... Jy kan op die Internet, orals gaan. Ek meen, hulle tackle dit [?]. En almal is ... Ek dink nie daar's mense wat sê nee, ons moet dit kanselleer nie. Maar die mense hier verstaan nie. Ons werk met 'n verskillende soort van publiek, jy weet. Die ding ... Hulle het hulle Antarktiese program aangegryp as iets – 'n nasionale ... *a national treasure*, jy verstaan?

**V:** Ja.

**A:** En ons is baie ver daarvan af. Maar die R1.3 biljoen-skip gaan help. Maar die bestuur van die hierdie dinge, die mense – hoe die senior persone hulle gedra ook ... Jy weet, al hierdie goeters is baie belangrik. Ek dink as ons 'n Antarktiese Instituut – kyk, daai dinge het ook hulle probleme, jy verstaan?

**V:** Ja.

**A:** Maar as jy so iets het – en ek dink nou aan spesifieke persone ... As jy so iets het met ... soos die British Antarctic Survey – die ou heel bo, soos Dick Laws was, is die wetenskaplike; hy verstaan dit. Dit moet die ding dryf – nie die logistiek moet al die goeters dryf nie; die wetenskap moet dit dryf. En dan is logistiek ... al hierdie ander goeters is deel daarvan. So wat jy nodig het, bo-op daai piramiede, is 'n baie sterk wetenskaplike, met bestuurs *skills* – en as jy nie ... hy hoef nie altyd vriendelik te wees nie, maar jy verstaan? Jy't 'n baie sterk persoon daar nodig, en dan die res ...

**V:** Dan te doen wat hulle *skills* dan is ...

**A:** Dis reg, ja. Om die wetenskap te dryf.

**V:** Oukei. So British ... of so tipe instituut dink jy ... ?

**A:** Byvoorbeeld, ja. Of ... Ek meen, hulle ... Die ander ding is ... Want net solank hulle ook nie vir hulle sien as God in alles nie, jy verstaan. Want die verband wat jy met die universiteite het, is baie belangrik, want dis waar die top wetenskaplikes sit, in baie opsigte, jy weet. Die akademiese insette, jy weet – alles is besig; dinge is nie stagnant nie – afhangende van watter universiteit jy praat natuurlik. So ... En hulle het, die Australiaanse Antarctic Division – ek meen partykeer is daar 'n bietjie van 'n gestoeiery, ook die universiteite en dit, maar die ding is, al daai mense van die universiteite daarom was ... Hulle is betrokke in Antarktika, en hulle word versorg en na gekyk en so aan.

**V:** Maar as u moet kyk na die publisiteit wat Antarktika en Marion kry in die 1960's, '70's en nou – is dit meer, minder?

**A:** Nee, dis baie meer nou. Hoofsaaklik, nie noodwendig omdat die mense harder probeer nie, maar net as gevolg van die Internet, en veral die nuwe tegnologie wat daar is – ek meen *the sky's the limit*. Jy kan nou gaan tik ... Gaan tik Marion op, of Prins Edward-eilande, dan kry jy Prins Edward-eiland en jy kry Prins Edward-eiland in Kanada, jy weet. Dan *take your pick*, jy verstaan.

**V:** Dan die heel laaste vraag: wat voel u oor die artifakte, sê nou maar byvoorbeeld in die Sealer's Cave – moet dit daar gelos word?

**A:** Gaan haal dit. Neem foto's, net soveel as wat jy wil. Maak 'n *shrine*. Maar hoe langer hulle daar lê, hoe meer gaan hulle vrot. So as jy daai goed nou vat en jy sit dit in 'n ordentlike museum, en jy kyk ordentlik daarna, dan gaan dit iets wees. Maar ...

**V:** 'n Museum hier in Suid-Afrika?

**A:** Of op die eilande. Kyk, die *Upper General Purpose Lab – more commonly known as the Mammal Lab* – is die ene wat nou ... So, ek sê dit kan miskien van daai goed ook vat. Maar daar is nou die ideale geleentheid. Bring hulle in van buite af; skep 'n atmosfeer daarin, of omgewing waarin die goed kan preserveer word, want daar buite lê en vrot dit net. En elke Jan Rap en sy maat kom vat daai rewolwer en draai hom om, jy verstaan? Daai goed lê net daar. Waar hulle nou lê, is nie waar hulle vroeër gelê het nie – net waar jy nou 6 m onder die grond 'n ding gaan uitgrawe. Maar al daai goed is al rondgeskuif, gevat, gekyk; en van die goed is gesteel – ek meen dit staan in mense se huise in Pretoria. Daai vate – die biervaatjies – jy weet ... wat's die Afrikaans daarvoor? Daai erde ... die erdeware, al daai goeters, né. Nee, dit kom van ... Hulle staan in huise; ek kan vir jou sê ook waar. Nie in myne nie, maar ... So hulle is daar, en hulle gaan tot niet en verdwyn. So vat die goed uit die veld uit, neem jou foto's, skryf jou boek van al die artifakte, maar sit hulle êrens op 'n plek waar jy daarna kan kyk.

**V:** En dan die *Mammal Lab*, heel laaste. Wat is die *Mammal Lab*?

**A:** Dit is die *Upper General Purpose Lab*.

**V:** Nee, maar persoonlik ...

**A:** Dit was ... Vroeër dae was dit ... Ons glo dit was ‘n kragopwekker of ‘n werkswinkel. As jy kyk na die meublement wat daarin is, die banke en so ...

**V:** Maar hoe voel ú oor die *Mammal Lab*?

**A:** Ek voel ... Ek meen, dis vir my die beste gebou op die wêreld; absoluut. Daar’s geen twyfel daaromtrent nie. Ons het soveel wonderlike tye daar gehad. En die ironie van die saak is, daai laboratorium is, soos ek sê, is die *Upper General Purpose Lab* – dis vir enige iemand om – as daar plek is natuurlik ... Jy weet, vir ons is dit toevallig, ons was nou daar eerste, jy weet. En ons het robbe gedoen met Pat-hulle, en ons het katte gedoen, en ons het muise gedoen, en toe op die ou end is dit maar tradisioneel – ons is daar, jy weet. En ons kyk na die plek. Maar die ding is, die eerste dag as iemand uit daai plek uit trek, dan gaan dit oorval word deur muise; dit gaan ‘n uriene ... Ek meen dit gaan vreeslik wees daarbinne. Dit het eenkeer gebeur – en ek wil amper vir jou sê watter jaar – dat die *sealers* wat daar was, het verkies om die meeste van hulle werk onder in die basis te doen en die *Mammal Lab* het amper tot niet gegaan, jy weet, want dit het gevrot en goed. So jy het mense daarbinne nodig die heeltyd, of jy’t iemand wat daarna kyk. En dit help nie om vir die leier van die span ‘n sleutel te gee en sê ‘gaan kyk eenkeer ‘n week dat alles reg is’ nie, want hulle is te lui om teen die bult uit te stap – soos jy self weet.

So, as jy nie daai plek beset of elke dag daarna kyk nie, dan gaan dit tot niet; ek kan jou nou al verseker. En byvoorbeeld, as ons nou moet basis toe trek en daai plek staan leeg vir twee jaar terwyl daar besluit word presies hoe gaan die museum lyk ... Die plek is tot niet. Hulle sê jy moet van amper voor af begin; hulle sal die hele plek opvreet. So tradisioneel, ons het altyd daarin gewees en ... Absoluut ongelooflik, jy weet. So jy’t altyd ‘n plekkie ... Ek meen, ons slaap nou al daar ook, jy weet, want daar’s te veel mense in die basis. So ons is ... As daar ‘n toilet was in die *Mammal Lab*, sal ek nooit in die basis uitgekom het waarskynlik nie. Ek sou daarvanaf – want daar’s ‘n droogkamer, soos jy weet, daar’s ‘n droogkamer; daar’s water en allerhande goed, jy weet. En dan moet seker maar af en toe gaan bad – maar ek het met een van daai hand *mixers,* kan ek al onder[?] oor die venster ook staan as dit moet. So, dis ongelooflik. Vir my, die dinamika gaan heeltemal verander, want ek meen, ons is nou gewoond aan die nuwe hutte – dis ongelooflik. Vir my om na die nuwe basis toe te skuif, gaan ‘n groot aanpassing wees. Gelukkig is dit naby aan aftrede – die volgende 5 jaar. En ... Want dit gaan só verskillend wees. Want ons het ‘n bietjie van privaatheid daar bo. Hier gaan jy waarskynlik niks hê nie. En dan natuurlik al die ego’s is bymekaar, jy verstaan? En dit is net so – my ego ingesluit. Hoe groot of hoe klein dit ook al is, maar ons is almal daar, jy weet. En ons het almal

ordentlike kantore en ordentlike *labs*; ordentlik dit en ordentlik dat en jy weet en so aan, so ek weet nie hoe hulle die ding gaan administreer nie, maar dit gaan nie maklik wees nie. Dis nie net sommer 'oukei *boys*, ons gaan intrek' nie. Hier is – en daar is mense wat daarvan bewus is, soos Steven-hulle, ensovoorts – hierdie is nie sommer 'n ... *it's not a trivial matter*.

**V:** Ja, ja.

**A:** Om daai plek te beset en dan dit te gebruik soos wat dit kan gebruik word nie. Ek meen, dis ... Maar ja, ons gaan baie jammer wees om die *Mammal Lab* te verlaat, maar dit gaan mos 'n museum wees. Dan miskien kan ek die kurator word!

**V:** Wanneer is hierdie oorname nou?

**A:** Wel, soos wat ek verstaan, is dit in Novembermaand (2010). Want daar's nou die konstruksie wat moet Augustus afgaan, en dan daai tyd is hulle ... blykbaar wil hulle die ander lot oortrek. Maar dit gaan 'n petalje wees, want die plek wat jy verlaat, gaan verwoes word, tensy daar 'n meganisme in plek is om daarna te kyk, jy verstaan? So ons sal sien.

**V:** Enige iets wat u wil bylas op hierdie oomblik? Baie dankie; ek waardeer u tyd.

**END VAN TRANSKRIPSIE**